

# NAMPO

*Grids - Guide*

April 2026

**SA** Graan  
Grain



*Veerkragtigheid  
deur innovasie*

*Resilience through  
innovation*

12-15 Mei/May **2026**

NAMPO Park **BOTHAVILLE**

[www.nampo.co.za](http://www.nampo.co.za)

Wanneer opbrengs voorop staan, lewer Pannar se **witmieliebasters** betroubare resultate.



# PRESTASIE

Dít is die BOER in jou.

Elke seisoen bring sy eie uitdagings, maar Pannar se **witmieliebasters** is gereed om dit met krag, konsekwenheid en uitmuntende graan- en meulkwaliteit aan te pak. Hierdie wyd aangepaste, agronomies gebalanseerde basters bied sterk saailingkrag, vinnige plantvestiging en betroubare prestasie – selfs onder moeilike toestande. Met 'n keuse tussen konvensionele basters en dié met **PowerCore®** tegnologie, is Pannar se betroubare **witmieliepakket** geskik vir enige produksiestelsel. Vertrou op Pannar om jou plaas se produktiwiteit en winsgewendheid 'n hupstoot te gee.



™ ® Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2026 Corteva. 2026/WMAIZE/LW/01

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)



Saam boer ons  
vir jou toekoms™



# Kyk hoe kyk NAMPO amper vir my!

**Rentia Mynhardt,**  
redakteur, SA Graan/Grain

**A**s ek aan die woord “veerkragtig” dink, sien ek in my geestesoog hoe 'n kind op en af op 'n trampolien spring. Eers sak hy 'n entjie saam met die mat af, net om dan weer op te skiet boontoe. Die emosie skop eers in wanneer die mat jou opskiet en jou arms spontaan opswaai. Ironies genoeg is dit juis wanneer jou voete op niks rus nie dat die gevoel van vryheid jou beetkry. Dan skep jy asem terwyl jy dalk 'n vinnige bollemakiesie maak voor die afgaanslag.

Hiermee in gedagte is vanjaar se tema – “Veerkragtigheid deur innovasie” – vir my 'n versinnebeelding van die landbouesektor. Op en af. Miskien is jy op die oomblik besig om 'n duik in die mat te trap en het jy dalk net so 'n bietjie aanmoediging nodig om asem te skep en op te skiet boontoe terwyl jy die prentjie vanuit die lug beskou om nuwe planne te beraam. Die NAMPO Oesdag 2026 mag dalk net wees wat jy nodig het om daardie spiere in jou bobene nuwe krag te gee!

Daar is meer as genoeg om jou vir lank besig te hou, en as Mamma 'n bietjie ongeduldig raak met die trekkerpraatjies, is daar vanjaar 'n splinternuwe toevoeging wat haar bui beslis positief kan beïnvloed: die Wingerdhuys. Maar laat haar net eers 'n draai by die rooi rose-tent maak sodat sy 'n paar sessies van die vroueprogram kan deurwerk terwyl jy daardie kaart in vrede tap.

Oudergewoonte is daar deur die dag heerlike verversings in die Ledelokaal beskikbaar vir Graan SA-lede om aan te smul. Maak gerus daar 'n draai voordat jy na die vee-afdeling stap.

Hiér gaan jy vanjaar 'n innoverende ervaring hê waar die verskillende telersgenootskappe steeds uitstallings sal hê en jou vrae beantwoord. Wanneer daardie bobeespier goed in werking kom, kan jy jou staal wys by TAU Meule se veering wat hierdie jaar ingespan word vir 'n sterkmankompetisie. Lees meer daarvoor op bladsy 42.


Maak 'n draai by die Muur van Herinnering asook Graan SA se museum langs die Voorsittersonthaalarea en staan 'n oomblik stil om te onthou ... Tussendeur hommeltuig- en 4x4-demonstrasies, besoek aan saadmaatskappye en 'n kykie na die nutste tegnologie, kan jy 'n blaaskans neem en een van vyf uiters relevante Nasie in Gesprek-sessies, wat oop is vir die publiek, bywoon. Loer op bladsy 30 na die program.

Nuwe geboue, sale en tente (bladsy 66) sal sorg dat jou Oesdag-ervaring nooit eentonig raak nie, en daar is nou maar net mooi niks gelykstaande aan 'n regte, egte NAMPO-sosatie nie. Aarbeie en room, kerrie en rys, pannekoek, biltong en roomys. Kom honger én dors, want jy sal op bladsy 74 sien hoekom daar te veel is om op een dag op te eet. Oorweeg dit maar eerder om oor te slaap (jou opsies is op bladsy 23), want netnou het jy nie genoeg tyd om by die internasionale uitstallings (bladsy 84) en boereplanne (bladsy 110) 'n draai te maak nie!

Mag elke besoeker aan NAMPO Oesdag 2026 opnuut ervaar hoe die wip in jou stap terugkeer sodat jy die moed kan hê om weer objektief en “uit die lug” na jou situasie te kyk sodat die nuwe planne die een na die ander opduik.

Ek sien jou volgende maand op NAMPO Park!

*Rentia*



**GSA**  
GRAIN | GRAAN

**SA Graan**  
Grain

ISSN 1814-1676

## EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA  
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040  
Tel: 086 004 7246  
www.grainsa.co.za

## REDAKSIE

Dr Dirk Strydom  
BESTURENDE DIREKTEUR:  
Nampo (Pty) Ltd  
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810  
E-pos: dirks@grainsa.co.za

REDAKTEUR: Rentia Mynhardt  
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 771 7566  
E-pos: rentia@infoworks.biz

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit  
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806  
E-pos: johan@infoworks.biz

## MEDEWERKERS

Valerie Cilliers, Mariëtta Cronjé  
en Karina Muller

## PUBLISERINGSPLAN

Lani Viljoen, Joritha Hechter (bladuitleg)  
en Elizma Myburgh

## ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad  
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder  
Tel: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874  
E-pos: jurgen@kolbemediaco.za

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg  
Ruth Schultz – advertensiekonsultant  
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243  
E-pos: ruth@schmiltz.co.za



### NUUS/NEWS

- 1** Kyk hoe kyk NAMPO amper vir my!
- 4** Tradisie en vernuwing vorm die hart van dié skou
- 5** NAMPO bied 'n platform vir saam skrum en nuwe planne
- 6** Wanneer alles werk soos dit moet
- 10** 'n NAMPO-tuiste vir Graan SA-lede
- 12** 'n Mylpaal van vier dekades
- 13** Navigate your way through the Harvest Day
- 14** Die kompas wys na NAMPO Park
- 18** Só kom jy vanjaar deur die hekke
- 21** Medical support secured at NAMPO
- 22** Bankdienste gereed vir besigheid
- 23** Steek jou vuurtjie aan terwyl die son oor die Oesdag sak
- 28** Kom staan 'n oomblik stil
- 30** Panel discussions will prove that resilience creates advantage
- 36** Dié borge maak ons hande sterk
- 42** Sterkman-kompetisie bring nuwe energie na die veering
- 47** Wiele word weer warm
- 51** Sekuriteit 'n prioriteit
- 61** Innovation and performance on display
- 66** Hiér kan jy jou bonus spandeer
- 74** Van sousige sosaties tot wyn wat warm maak
- 81** Vee-afdeling dink vanjaar uit die boks
- 84** International pavilions line up for NAMPO 2026
- 90** Goed, beter, vrou!
- 110** NAMPO Boereplanne-inskrywingsvorm
- 112** Terreinkaart van NAMPO Park



### WERKTUIE, IMPLEMENTE & TOERUSTING/MACHINERY, IMPLEMENTS & EQUIPMENT

- 8** Verskeie groot blou masjiene vanjaar ten toon gestel
- 15** New float valve delivers maximum water flow
- 17** Providing excavator power for farming and infrastructure
- 26** A century in the making
- 33** Hyper-localised weather forecasts a critical input to digitised data
- 34** Boer vooruit met dié Duitse toerusting
- 39** Bande vir enige seisoen
- 40** Expect all yellow customer favourites on display
- 43** 'Bearing' producers in mind with extended agri footprint
- 44** A legacy of simplicity, power, and proven performance



### VOERTUIE & TOERUSTING/VEHICLES & EQUIPMENT

- 48** Driving pleasure across all terrains
- 51** Powering progress across South Africa's fields
- 52** New reasons to be ready
- 55** The true impact of choosing price over performance



23



74



81

57

## SAAD/SEED

58 Goeie praktyke; hoë olie-inhoud kan wins verseker

65 'n Eeu van innovasie

69

## GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER/ INTEGRATED PEST CONTROL

72 Vir beskerming van mielies onder druk tel elke besluit

97

## LANDBOU-ALGEMEEN/ AGRI-GENERAL

99 They've got you covered – from head to toe

100 It's not just about boots, it's about people

103 Empowering SA producers with information on the weather

104 Jag is volksbesit

107 Landbou se toekoms geskep met kennis, innovasie en visie

80

## DIERE/ANIMALS

83 Voerkraalafronding is nie ingewikkeld nie

85 Praktiese toerusting vir moderne veeboerdery

87 Control and manage ticks in cattle

88

## GELDSAKE & FINANSIËLE DIENSTE/MONEY MATTERS & FINANCIAL SERVICES

89 Een DNS, baie voetspore



# Tradisie en vernuwing vorm die hart van dié skou

SA Graan/Grain-redaksie

**D**ie sukses van die NAMPO Oesdag word lankal nie meer slegs aan bywoningsyfers gemeet nie. Dit gaan oor veel meer. Dit is 'n dinamiese platform waar kennis gedeel word, verhoudings gebou word en innovasie werklik tot sy reg kom. Dit is die mening van Danie Minnaar, voorsitter van Graan SA se Oesdagkomitee.

Die kerndoel is om 'n omgewing te skep waar produsente, rolspelers en vennote met vertroue kan saamkom en saamwerk, met die wete dat elkeen se betrokkenheid 'n tasbare bydrae tot die breër landbou-ekosisteem lewer.

## Ryke tradisie

Een van NAMPO se grootste sterkpunte is die vermoë om tradisie en vooruitgang te balanseer. Die ryk erfenis van die Oesdag word met trots gekoester, terwyl daar terselfdertyd gefokus word op voortdurende vernuwing. Minnaar verduidelik hoe nuwe tegnologieë, idees en benaderings geïntegreer word sonder om die kernwaardes van NAMPO prys te gee. "Hierdie balans verseker dat die Oesdag nie net relevant bly nie, maar ook 'n toonaangewende rol in die sektor speel. Verder word daar doelbewus 'n veilige, gesinsvriendelike omgewing geskep waarin kinders as toekomstige landbouers ook kan deelneem."

Die NAMPO Oesdag vervul 'n kritieke rol in die bou van vertroue en samewerking binne die landbouwaardeketting. Dit dien as 'n sentrale ontmoetingspunt waar produsente, insetverskaffers, finansiële instellings en ander rolspelers idees kan uitruil en vennootskappe kan vorm. Hierdie interaksies lê die grondslag vir volhoubare samewerking wat die hele bedryf bevoordeel. "Dit is nie net 'n plek vir gesprekke nie, maar ook vir besigheidsonderhandelinge en die sluit van strategiese ooreenkomste."



**NAMPO skep geleenthede vir besluitnemers om direk met rolspelers deur die hele waardeketting in gesprek te tree**

## Oorbrug die gaping

In 'n tyd waar die landbousektor gekonfronteer word met uitdagings soos klimaatdruk, ekonomiese onsekerheid en infrastruktuurprobleme, bied NAMPO meer as net oplossings – dit is ook rigtinggewend. Minnaar deel opgewonde hoe die Oesdag gesprekke fasiliteer waar nuwe idees ontwikkel, perspektiewe gevorm en die toekomst van landbou aktief beïnvloed word. "Dit skep geleenthede vir besluitnemers om direk met rolspelers deur die hele waardeketting in gesprek te tree."

Vir opkomende boere is NAMPO van onskatbare waarde. Dit bied toegang tot nuwe tegnologie, kundigheid en netwerkgeleenthede – alles op een plek. In 'n kort tyd kan nuwe toetreders 'n oorsig kry van die moontlikhede wat beskikbaar is om hul bedrywighede uit te brei. Hierdie blootstelling help om vaardighede te ontwikkel, selfvertroue te bou en 'n volhoubare plek in die bedryf te vestig.

"Die betrokkenheid van die breër publiek by die NAMPO Oesdag dra verder by tot die landbousektor se groei. Dit help om die gaping



Minnaar en dr Tobias Doyer, HUB van Graan SA, tydens 'n kranslegging by die Muur van Herinnering by verlede jaar se Oesdag.

tussen produsent en verbruiker te oorbrug en bevorder 'n groter begrip van landbou se uitdagings en bydraes. Hierdie bewustheid versterk die posisie van landbou binne die nasionale gesprek en bou 'n meer ingeligte samelewing," het Minnaar die situasie uiteengesit.

Agter die skerms lê die ware dryfkrag van NAMPO se sukses. "Die toewyding van die NAMPO Park-span sowel as gemeenskapslede wat hul tyd vrywillig aanbied, vorm die fondament van die geleentheid. Hulle beplanning, aandag aan detail en samewerking verseker dat die Oesdag nie net suksesvol verloop nie maar ook sy unieke karakter behou."

## Ons sal bly hoop

Minnaar het beklemtoon dat die boodskap wat NAMPO aan elke besoeker oordra, een van hoop, samewerking en vooruitgang is. Ten spyte van uitdagings

bly die landbousektor veerkragtig en innoverend. Dit inspireer en skep 'n gevoel van gedeelde verantwoordelikheid vir die toekoms. "Die NAMPO Oesdag bly dus nie net 'n gebeurtenis op die kalender nie, maar 'n kragtige drywer van groei, verbinding en transformasie binne die Suid-Afrikaanse landbousektor." ●



**DANIE MINNAAR,**  
voorsitter van Graan SA  
se Oesdag-komitee en  
visevoorsitter van  
Graan SA.

# NAMPO BIED 'N PLATFORM vir saam skrum en nuwe planne

SA Graan/Grain-redaksie

“**N**AMPO bring die oplossings, tegnologie en gesprekke bymekaar wat produsente nodig het om die uitdagings wat hulle tans moet trotseer met vertroue aan te pak,” sê dr Dirk Strydom, besturende direkteur, Nampo (Pty) Ltd.

## Ongekende uitdagings

Strydom verwys na die Suid-Afrikaanse landbousektor wat hom op die oomblik in 'n tyd van ongekende uitdagings bevind. “Produsente moet daaglik besluite neem te midde van toenemende druk op winsgewendheid, die aanhoudende bedreiging van siektes en plaë, 'n onsekere beleidsomgewing en 'n wisselvallige globale ekonomie wat direkte en indirekte impak op plaaslike produksie en markte het.”

Vir Strydom is dit duidelik dat hierdie werklikheid nie net volharding van die verskillende rolspelers binne landbou vra nie, maar ook aanpasbaarheid en veral vooruitdenke.

## Dink nuut

Hy noem dat dit ten spyte van hierdie uitdagings 'n kernwaarheid bly dat daar slegs sekere faktore is wat binne produsente se beheer is – en dat dit juis binne hierdie ruimte is waar die geleenthede lê. “Hier waar ons onself tans midde-in soveel onsekerhede bevind en waar ons opnuut besef dat ons binne landbou nie oor alles beheer het nie, word ons gedwing om beter besluite te neem, om beskikbare tegnologie te ondersoek en aan te wend en om nuwe maniere van boer te verken.”

## NAMPO-tema gerig op huidige situasie

“Die tema van vanjaar se NAMPO Oesdag is in die lig van die huidige omstandighede besonder gepas:

Veerkrachtigheid deur innovasie.” Strydom benadruk dat innovasie nie meer 'n luukse is nie, maar dat dit 'n absolute noodsaaklikheid geword het om volhoubaarheid maar ook mededingendheid te verseker.

“NAMPO speel 'n unieke en onmisbare rol as platform waar produsente toegang kry tot die nuutste tegnologie, produkte en praktyke. Dit is egter veel meer as net 'n vertoonvenster van oplossings – dit bied 'n ruimte vir gesprek, samewerking en strategiese denke.”

Hy lig uit dat die Oesdag die plek is waar die hele waardeketting saamkom om idees te deel, uitdagings te bespreek en saam oplossings te ontwikkel wat die bedryf vorentoe kan neem.

## Uitnodiging om betrokke te raak

“In hierdie gees nooi ons elke deelnemer en besoeker om nie net te kom kyk nie, maar om betrokke te raak. Kom dink saam, leer saam en kom skrum saam sodat ons maniere kan vind hoe om die landbousektor sterker en meer veerkrachtig te kan maak.” Strydom voel sterk daarvoor dat die toekoms van die sektor lê in die verskillende rolspelers se vermoë om saam te werk en voortdurend te innoveer.

“Mag hierdie jaar se NAMPO Oesdag vir elkeen waarde toevoeg en nuwe moontlikhede ontsluit.” ●



DR DIRK STRYDOM,  
besturende direkteur:  
Nampo (Pty) Ltd



## Wanneer alles werk soos dit moet



**BENNIE ZAAVMAN,**  
bestuurder:  
NAMPO Park

**WIM VENTER,**  
administratiewe  
beampte: NAMPO

**WILMARI ELLIS,**  
kontrakte-admini-  
streerder, NAMPO

**DANIEL VAN EEDEN,**  
terreinassistent:  
NAMPO Park

**CATHY PAFENFUS,**  
administratiewe klerk:  
NAMPO

**JANNEKE SMIT,**  
funksiekoördineerder:  
NAMPO Park

### SA Graan/Grain-redaksie

Elke jaar tydens die NAMPO Oesdag wanneer duisende besoekers NAMPO Park binnestroom, wag daar vir hulle 'n landbou-ervaring uit die boonste rakke. Die terrein is netjies, uitstallings is afgerond en die energie van landbou is tasbaar in die lug. Dit is die getuienis van noukeurige beplanning en die harde werk van die toegewyde span by NAMPO Park onder die bestuur van Bennie Zaayman.

### 'n Jaar se voorbereiding

Die beplanningsiklus vir die NAMPO Oesdag strek oor maande, waartydens alles deur die span gereël en gekoördineer word. Dit sluit die hantering van navrae en besprekings deur uitstallers asook die sluit van kontrakte en die toekenning van uitstalruimtes in. Veral hier word daar op die knoppies van Wim Venter, Cathy Papenfus en Wilmarie Ellis gedruk in hul administratiewe hoedanighede.

NAMPO se span dra verder die verantwoordelikheid vir die bestuur van die groot terreinoppervlakte, asook water- en elektrisiteitsvoorsiening en die onderhoud en opgradering van fasiliteite. Daniel van Eeden se raakvat as terreinassistent vervul hier 'n belangrike rol, want NAMPO Park funksioneer as 'n selfstandige dorpie met sy eie infrastruktuurstelsels wat die kompleksiteit van so 'n groot terrein onderstreep.

Uitstallers begin dikwels lank vooruit beplan aan hul logistiek, waaronder die vervoer van masjinerie, uitstallingsmateriaal en toerusting na NAMPO Park. Vroegtydige reëlings word getref vir die opstel van grootskaalse uitstallings wat tydsberekening en tegniese ondersteuning vereis. Die NAMPO-span werk nou saam met hierdie uitstallers en verseker dat elke uitstalruimte korrek geposisioneer en toegerus is sodat 'n samehangende uitleg geskep kan word wat beide die uitstallers en besoekersvloei ondersteun.

Met die finale voorbereiding vir die NAMPO Oesdag neem die spanlede se werkslading en druk verder toe. Uitstallers word ondersteun waar nodig, rigtingaanwysers word aangebring en daar word weer seker gemaak dat die parkeerareas, fasiliteite en vliegveld netjies, toeganklik en veilig is en dat alle ondersteunende tegniese dienste in plek is. Daar moet verder voorsiening gemaak word vir spyseniering vir onder meer belangrike besoekers en hier staan Janneke Smit as funksiekoördineerder se hande vir niks verkeerd nie.

### Wanneer die hekke oopswaai

Wanneer die skou begin, moet die span vir elke moontlike gebeurlikheid voorbereid wees. As vertrekpunt is dit noodsaaklik dat die logistiek vir toegangsbeheer vir voertuie tot die parkeerterrein en die vloei van besoekers deur die hekke vlot verloop en dat die koördinerings van lugverkeer in plek is. Om duisende besoekers daaglik te akkommodeer verg deeglike beplanning, duidelike kommunikasie en 'n sterk teenwoordigheid op die grond.

Die doel is om 'n omgewing te skep waar besigheid gedoen, kennis gedeel en verhoudings gebou kan word te midde van die

ontspanne atmosfeer van 'n landbouskou. Effektiewe tegniese ondersteuning moet deurlopend beskikbaar wees om krag-, kommunikasie- en klankprobleme onmiddellik aan te pak, terwyl veiligheidspanne in plek moet wees om noodgevalle vinnig te hanteer. Personeel moet beskikbaar wees om besoekers en uitstallers met raad en daad te ondersteun.

Logistieke uitdagings wat die span jaarliks moet bestuur, sluit in die betroubaarheid van basiese infrastruktuur. Watervoorsiening is deurslaggewend om in die behoeftes van tienduizende mense te voorsien, terwyl daar ook voorsiening gemaak moet word vir reserwes indien iets fout sou gaan. Elektrisiteit is ewe noodsaaklik. Sonder krag staan bedrywighede stil en kan stelsels soos rioolverwerking en waterpompe nie funksioneer nie. Daarby bly verkeer en veilige toegang tot die terrein 'n voortdurende uitdaging.

Weerstoestand kan 'n bykomende tremeletjie raak. Reëval en nat toestande vereis vinnige reaksie om te verseker dat die terrein funksioneel bly. Hierdie uitdagings word met ervaring en aanpasbaarheid hanteer, wat bydra tot Graan SA se vermoë om jaar na jaar 'n wêreldklasgeleentheid aan te bied.

En wanneer die laaste besoeker NAMPO Park verlaat, moet die span weer eens regstaan om ondersteuning te bied met die afbreek en opruim van uitstallings, die skoonmaak van die terrein, die nagaan van fasiliteite en infrastruktuur en die finalisering van administratiewe aangeleenthede. Die NAMPO Oesdag is voorwaar geen geringe taak nie. ●

### 'n Strewe na uitnemendheid

"Wat besoekers by die NAMPO Oesdag ervaar, is 'n prominente landbouskou wat plaaslik sowel as internasionaal as toonaangewend beskou word," sê dr Dirk Strydom, besturende direkteur: Nampo (Pty) Ltd.

"Hierdie volgehoue sukses en groei van NAMPO kan toegeskryf word aan aanpasbaarheid, die vermoë om gefokus te bly op wat werklik saak maak en die doelbewuste poging om die unieke kultuur van die Oesdag te behou terwyl nuwe elemente voortdurend bygevoeg word.

"Die hoë gehalte van uitstallers en hul aanbiedinge dra verder by tot hierdie sukses, maar ek wil veral erkenning gee aan die NAMPO-span vir menige ure se harde werk agter die skerms en hul volgehoue strewe na uitnemendheid," sê Strydom.



**DR DIRK STRYDOM**



NAMPO

Grids - Guide

SA Graan  
Grain

*Veerkragtigheid  
deur innovasie*

*Resilience through  
innovation*

**Werktuie,  
implemente & toerusting**

**Machinery,  
implements & equipment**

**ADVERTEERDERS ADVERTISERS**

ACDC Express, Adam Equipment, Bolt and Engineering Distributors Group (B.E.D.), Bell Equipment, BPW Axles, Case IH, Custom Moulders, Electrolee, Falcon Equipment, Husqvarna, HYDAC Technology, John Deere, Jooste Cylinder & Pump Co., Komatsu, Lemken, McBean's, METOS, Mpart Plastic Containers, New Holland, Sasol, Staalmeester, Stihl, TerraTill, Tubestone, Willard Batteries

# Verskeie groot **blou** masjiene vanjaar ten toon gestel

Jaco du Preez, bemakingsbestuurder: Suider-Afrika, New Holland

**M**et die klem op groot masjiene word daar hierdie jaar op die nuwe CR10-stroper en die opgegradeerde T9- en Genesis T8-trekkerreëse gefokus. New Holland bevestig hiermee dat dit een van die sleutelverskaffers is van groot landboutuërusting aan produsente.

Tydens die NAMPO Oesdag sal 'n indrukwekkende reeks werktuie by die standplaas op A2 en A3 ten toon gestel word. Dit weerspieël die maatskappy se verbintenis tot die vooruitgang van boerderypraktyke. Kom besoek die standplaas gerus en besigtig die nuwe produkte en verbeterings aan bestaande modelle van naderby.

New Holland het in 1975 baanbrekerswerk gedoen met die gebruik van dubbelrotors vir dors en skeiding met die bekendstelling van hul Twin Rotor™-stroppers. Meer as vyftig jaar later het dié tegnologie die kenmerk geword van byna elke hoë-uitset-stroper.

## CR10 hanteer uitdagings só

Die nuwe CR10-stroper is New Holland se antwoord op die boerdery-eise van vandag én môre. Dit is ontwerp om graanverliese te minimaliseer, graangehalte te beskerm, lopende koste laag te hou en die produsent se landerye in die beste toestand te laat vir die volgende seisoen. Die manier waarop stroppers ontwerp word, is herooreweg en 'n heeltemal nuwe ontwerp en dryflyn is geskep.

Die CR10-stroper se 24 duim-rotors, in 'n wyer en langer dorskompartement, voer 'n 16 000 liter-graantenk en laai die oes teen 'n vinnige 210 liter/sekonde af. Die Twin Clean™-skoonmaakskoene bevat twee skoonmaakstelsels wat gelyktydig loop, met twee boonste en twee onderste siwwe, twee skoongraansensore en twee stelle druksensore om die skoonmaakskoene lading te meet. Dié stelsel is revolusionêr in die bedryf – dit is ten volle outomaties om egalige kruisverspreiding van die skoonmaakskoene te waarborg vir maksimum kapasiteit teen verliesvlakke van byna nul. Die bekroonde IntelliSpread™-radar outomatiseer die verspreidingsbeheer om volle en egalige restebedekking van tot 18 m agter die stroper te verseker, ongeag windtoestande, gewassoort of vogtoestande.



## Dit weerspieël die maatskappy se verbintenis tot die vooruitgang van boerderypraktyke

Opgraderings is onlangs aan die Genesis® T8-reëse gedoen om aan meer bedryfsvereistes te voldoen. Daar is genoeg krag van enjins wat 195 tot 297 kW lewer (ongeveer 5% meer as die vorige reëse) asook 'n volledig gesinchroniseerde Ultra Command™-kragkakeltransmissie of Auto Command™-deurlopend veranderlike transmissie (CVT) om hierdie krag na die swaargewig-aste, robuuste driepuntkakels en trekstange oor te dra. Dit alles dra by tot optimale werkverrigting tydens grondvoorbereidingswerk.

Die 328 liter/minuut-megavloei- hidrouliese pomp met ses volledige hidrouliese koppelings verseker langdurige werking van enige implement of planter.

Kajuitsuspensie is nou standaard en dit kom met twee Intelliview 12-aanraakskerms om alle implemente en toedienings te hanteer. 'n Telematika-geïnkorporeerde stelsel en beheer is nou lewenslank beskikbaar en dit maak die sigbaarheid van die vloot maklik. Saam met die FieldOps-databasisstelsel het die produsent volle beheer oor sy plaas en vloot. Die FieldOps-stelsel is gratis en alle toerusting kan daarin geïnkorporeer word.

**Die nuutste CR10-stroper en die opgegradeerde T9- en Genesis T8-trekkerreëse van New Holland bied uitstekende waarde en prestasie, seisoen na seisoen.**



Daar is steeds twee modelle in die reëse wat toegerus word met die bekende agterste SmartTrax-stelsels. Hierdie rusperbande gee 'n beter voetspoor, dryfvermoë en vastrapvermoë in sandrige grond of nat toestande.

Die T9-reëse met PLM Intelligence-trekkers vertoon die beste krag van 312 tot 474 kW (ongeveer 6% meer as die vorige reëse), gemak, doeltreffendheid en veelsydigheid. Met PLM Intelligence-gekoppelde funksies wat in die trekker geïntegreer is, soos met die Genesis T8 hierbo, is die T9-reëse-trekker die mees gevorderde en kragtige vierwielaangedrewe trekker wat New Holland nog ooit aangebied het. Binne die kajuit van hierdie T9-trekkerreëse ervaar operateurs die PLM Intelligence-tegnologie wat eenvoudige kontroles met groter beheer en aanpasbaarheid kombineer.

Die Presisietegnologie-afdeling sal op die standplaas gereedstaan met inligting oor die nuutste en beste FieldOps-, Raven- en FleetPro-stelsels. Besoek ook die winkel vir 'n verskeidenheid New Holland-goedere en die nuutste klerasie en bykomstighede.

Reusebesparings sal tydens NAMPO beskikbaar wees – hou die media dop vir verdere inligting hieroor. ●

# DINK GROOT DINK NEW HOLLAND

REUSE MASJINERIE.  
REUSE BESPARINGS.  
REUSE OESTE.



**ONS GAAN GROOT!** Sluit by New Holland aan tydens Nampo! Ervaar die **TOEKOMS VAN BOERDERY** met baanbrekende tegnologie en onverbeterlike aanbiedinge.

**Nuwe generasie CR10-Stroper** – ontwerp vir maksimum doeltreffendheid en rekordbrekende oeste.

**Verbeterde T8- & T9-Trekkers** – lewer ongeëwenaarde krag, presisie en produktiwiteit.

Kom maak 'n draai by ons van 12 tot 15 Mei 2026 by uitstalruimtes A2 en A3, Nampo Park, Bothaville.

**Dink GROOT. Dink New Holland. Jou oes is dit werd.**

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga  
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap  
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

    [www.newholland.com/za](http://www.newholland.com/za)

 **NEW HOLLAND**

SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

Vir huidige aanbiedinge besoek [newhollandag.co.za](http://newhollandag.co.za)

# 'n NAMPO-tuiste vir Graan SA-lede

Alzena Gomes, kommunikasie- en skakelbeampte

Van 12 tot 15 Mei 2026 verwelkom NAMPO Park buite Bothaville weer duisende besoekers by die 58ste NAMPO Oesdag – steeds een van die grootste en mees invloedryke landbou-uitstallings in die Suidelike Halfgrond. As Graan SA se vlagskipgeleentheid, bring NAMPO jaar ná jaar die sektor byeen rondom dit wat landbou vorentoe neem: nuwe idees, praktiese oplossings, moderne tegnologie en betekenisvolle gesprekke oor die toekoms van produksie. Met meer as 900 uitstallers op die terrein, wag daar weer vier dae propvol inspirasie, ontdekking en geleentheid vir produsente en die breër landbougemeenskap.

Die tema vir 2026, "Veerkragtigheid deur innovasie", gee gestalte aan die tyd waarin produsente hulself bevind. Landbou vra vandag meer as ooit tevore die vermoë om aan te pas, slim te beplan en voortdurend nuwe maniere te vind om uitdagings te hanteer. Innovasie gaan daarom nie net oor tegnologie op uitstalling nie; dit gaan oor die vindingrykheid, deursettingsvermoë en vooruitdenke wat produsente daaglik op hul plase uitleef. NAMPO bied die ideale ruimte waar dié ingesteldheid sigbaar word.

## Waar lede sentraal staan

Vir Graan SA is NAMPO egter nie net 'n uitstalling van masjinerie, produkte en dienste nie. Dit is ook 'n plek waar lede eerste kom. Die geleentheid word jaarliks só ingerig dat Graan SA-lede nie bloot besoekers is nie, maar mense wat op 'n besondere manier ontvang en tuis laat voel word. Juis daarom bly die lede-ervaring 'n belangrike deel van wat NAMPO so uniek maak.

Soos in vorige jare ontvang opbetaalde Graan SA-lede hul gratis toegangskaartjies elektronies, saam met toegang tot eksklusiewe ledeparkering. Hierdie gerieflike digitale proses help om toegang tot die terrein vinnig en eenvoudig te maak, of kaartjies nou vooraf gedruk of op 'n slimfoon vertoon word vir skandering by die ledehek. Só word daar reeds van die eerste oomblik af gesorg vir 'n gerieflike en sorgvrye begin van die dag se NAMPO-ervaring.

## 'n Ruimte om asem te skep

Te midde van die opwinding en beweging op die terrein, bly die Graan SA-ledelokaal 'n belangrike tuiste vir lede. Dit is die ruimte waar 'n mens vir 'n oomblik kan stil word, die voete kan laat rus, iets kan geniet en weer inhaal met medeprodusente en bekendes. Die waarde daarvan lê juis in die balans wat dit bring: NAMPO is vol energie en bedrywigheid, maar die lede-area bied ook 'n plek van gemak, kuier en ontspan.

Lede kan weer gebruik maak van die gewilde gholffkarretjie-diens, wat help om die gesin moeiteloos by die ledelokaal te besorg. Die bekende bederf is ook terug: cappuccino's en warmsjokolade word weer vroegoggend deur die John Deere Financial-baristas bedien – 'n klein maar gewaardeerde gebaar wat die dag somer goed laat begin. Verder is daar deur die loop van die dag verversings beskikbaar, terwyl die ledestoep die ideale plek bied om rustig terug te sit en die NAMPO-atmosfeer in te neem.

Graan SA-lede kry eksklusiewe toegang tot die ledelokaal op NAMPO Park.



Daar word deur die loop van die dag verversings bedien om lede 'n ruskans te bied voordat hulle die volgende skof van hul Oesdag-ervaring aanpak.



## Meer as net voordele

Hierdie ledevoordele gaan oor meer as praktiese gerief. Dit is deel van Graan SA se waardering vir sy lede en 'n manier om erkenning te gee aan die produsente wat die organisasie en die bedryf dra. NAMPO is immers nie net 'n vertoonvenster vir landbou nie; dit is ook 'n ontmoetingsplek waar verhoudings versterk, idees uitgeruil en gemeenskap gebou word.

By die Graan SA-inligtingstoonbank sal personeel weer gereed staan om lede te help met navrae en leiding. Dit bied ook 'n goeie geleentheid vir lede om met Graan SA-personeel in verbinding te tree en meer te hoor oor die organisasie se werk, fokusareas en diens aan produsente.

## 'n Warm uitnodiging

Graan SA nooi sy lede met trots uit om weer in 2026 deel te wees van hierdie besondere ervaring. Die NAMPO Oesdag bly 'n viering van landbou, maar ook van die mense agter die bedryf: die produsente, families, vennote en gemeenskappe wat elke seisoen met moed en toewyding aanpak.

Vanjaar wag daar dus nie net nuwe tegnologie en vars idees nie, maar ook die bekende warmte en gasvryheid wat Graan SA-lede jaar na jaar laat terugkeer. Ons sien daarna uit om lede weer op NAMPO Park te verwelkom – om saam te kuier, saam te ontdek en saam die gees van "Veerkrachtigheid deur innovasie" te beleef. ●

## NORMAC

**Fire Fighting Pumps**

**SEE US AT NAMPO  
STAND E14**

**Fire Fighting Pumps**

**Single stage**

**Twin Hydraulic**

**NEW Bakkie unit**

**Drip torch**

**PTO Fire Fighter**

**Fire fighter knapsack options available**

**Welder/ Generators**

**Water pressure systems**

**Bakkie fire fighters Available Normac/Swift**

**Hailin Diesel engines + pumps**

**Filters**

**25-100mm water pumps + petrol engines**

**McBean's**  
IMPLEMENT CO. (PTY.) LTD.  
[mcbeans@mcbeans.co.za](mailto:mcbeans@mcbeans.co.za)

Pietermaritzburg 033 342 1541    Johannesburg 011 786 4205    Cape Town 021 552 5285



*Die klank van jou lewe*



## 'n Mylpaal van vier dekades

### Verskaf deur OFM

**D**ie jaar 2026 is 'n historiese mylpaal vir die klankgolwe van die Vrystaat, Noord-Kaap, Noordwes en Suid-Gauteng. OFM, die voorste handelsradiostasie in die streek, vier amptelik 40 jaar op die lug, wat sy nalatenskap as die onbetwisbare "Klank van Sentraal-Suid-Afrika" beklemtoon.

Sedert OFM in 1986 die eerste keer op die lug was, het hy gegroei van 'n streeksuitsaier tot 'n mediakragbron oor verskeie platforms. Reeds vier dekades is die stasie die hartklop van Sentraal-Suid-Afrika. Sy unieke mengsel van musiek, nuus en vermaak word saamgestel volgens die belangstellings en waardes van sy uiteenlopende luisteraarsbasis.

Die radiostasie se sukses is gebou op die fondament van sy diepgewortelde gemeenskapsverbintenis. As die toonaangewende handelstasie in die streek is hy 'n konstante metgesel regdeur die veranderende landskap van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit het ontwikkel van die vroeë dae van FM-uitsendings tot die digitale revolusie van stroomdienste en sosiale media – en bly vandag nog getrou aan sy kernmissie: om in te lig, te vermaak en te inspireer.

"Om die 40-jaar-mylpaal te bereik, is nie net 'n viering van 'n handelsmerk nie; dit is 'n viering van die mense wat elke dag inskakel," sê Nick Efstathiou, uitvoerende hoof van die Central Media Group, waarvan OFM deel uitmaak. "Ons luisteraars laat ons al 40 jaar lank toe in hul huis, motor en onderneming. Ons het saam grootgeword, en dis dié band wat dit die voorste keuse maak in Sentraal-Suid-Afrika."



**OFM bly verbind tot vernuwing en sal steeds nuwe tegnologieë en inhoud bly inspan**

Anchen Lintvelt, die verkoops-en-bemarkingsbestuurder, sê: "Dit is so groot! Dit is 'n historiese jaar vir OFM. Die handelsmerk het oor die jare soveel gegroei en ontwikkel en was deel van soveel stories en herinneringe van luisteraars en adverteerders. Ons gaan hierdie mylpaaljaar met groot vreugde, met trots en met passie vier. Gesondheid op 40 jaar!"

Die programbestuurder, Tim Thabethe, voeg by: "In sy langer as vier dekades het die handelsmerk verslag gedoen oor die

einde van die Koue Oorlog, die aanbreek van demokrasie in Suid-Afrika beleef, die jare van die Walkman, iPod en Napster deurreis, en die digitale tegnologieë aangegryp wat 'n revolusie veroorsaak in die wêreld waarin ons leef. Dat ons deur hierdie tydperk steeds altyd relevant gebly het vir ons gehoor, getuig van die hart en die ontwikkelende strategieë wat sedert 1986 ingestel is."

OFM was 'n pionier op die gebied van streeksuitsendings. Die stasie is bekend vir sy hoëkaliber-talent op die lug, sy bekroonde programmering en gemeenskapsprojekte met 'n sterk impak. Benewens die musiek wat hy uitsaai, dien die stasie as 'n belangrike ekonomiese dryfveer vir die streek. As premium-advertensieplatform het die stasie duisende plaaslike ondernemings gehelp om hul kliënte te bereik, wat groei en volhoubaarheid oor vier provinsies heen bevorder.

Om dit te vier, word 'n reeks eksklusiewe geleenthede, baie verassings op die lug en aktiverings vir die eerste helfte van die jaar beplan. OFM bly verbind tot vernuwing en sal steeds nuwe tegnologieë en inhoud inspan om die stasie oor die volgende 40 jaar net so lewendig en vol trefkrag te maak soos die afgelope vier dekades.

### Graan SA-vennootskap kom 'n lang pad

Sedert die vroeë jare van gesamentlike landbouprogramme tot vandag se uitgebreide inisiatiewe is daar nou met Graan SA saamgewerk om praktiese grondvlakinsigte oor boerdery met produsente oor die hele land te deel. Die jongste marknuus, weer-voorspellings en bedryfsnuus is tydig uitgesaai ter versterking van besluitneming; innoverende boerderypraktyke, volhoubaarheid en landbouerveerkragtigheid is uitgelig en 'n platform is verskaf vir landboustemme, bedryfsgesprekke en beleidsbetrokkenheid.

Dié 40-jaar-vennootskap met Graan SA is 'n getuigskrif van wat bereik kan word as die media, bedryfsliggame en produsente kragte saamsnoer agter 'n gedeelde doelwit: om landbou in Suid-Afrika te versterk en die lewensbestaan van plaaslike gemeenskappe te verbeter.

Die NAMPO Oesdag bly steeds die voorste landbou-uitstalling wat produsente, landbou-ondernemings en diensverskaffers met mekaar in verbinding bring. Dit is hier waar OFM 'n sleutelrol speel as voorste kommunikasievenoot van die landbousektor. Dit is 'n kernplatform vir kennisuitruiling, die tentoonstelling van produkte en bedryfsamewerking. ●

# Navigate your way through THE HARVEST DAY



SA Graan/Grain editorial team

Planning goes a long way – especially when visiting an event like the NAMPO Harvest Day. To assure that you go home at the end of the day with all the boxes ticked of the places and events you wanted to see and attend, the NAMPO app is your solution.

Download this free app from the App Store or Play Store, create your profile, and navigate your way for the optimal experience.

- » Browse all exhibitors, view their locations, and navigate directly to any stand.
- » Bookmark any must-see events.
- » Explore the grounds in 3D.
- » Use the leads manager as a digital alternative to business cards and printed Excel sheets.
- » The 'Media' function lets you find all your NAMPO info and latest videos in one place.
- » Find over 4 000 products in the 'Products' section.

If you are an exhibitor, there are even more benefits:

- » Upload your products and make use of different banner advert options.
- » Ranking options can give your company a better spot.
- » Upload a treasure hunt to get more traffic to your stall.
- » Upload a virtual tour of your stall.
- » Use the leads manager to capture leads. ●



Download the NAMPO app on the App Store or Play Store to browse all information about exhibitors and plan your route.



VISIT  
BPW AXLES AT  
NAMPO HARVEST DAY  
12-15 MAY 2026  
STAND D20E

## BPW AGRO DRIVE

The BPW drive axles for trailers. **Keep going where others stop.**

Steep slopes? Wet or muddy ground? Driving on silos, construction sites, unpaved roads or forest tracks? With a hydrologically driven BPW Agrar axle, you keep traction where others give up.

Whether it's fertilising, harvesting, silage transport, construction site use or logging –

**AGRO DRIVE IS THE SOLUTION FOR EXTREME CONDITIONS.**

BPW Axles (Pty) Ltd  
Tel (011) 681-3300, (011) 680-1443  
E-mail: bpwsales@bpw.co.za | Website: www.bpw.co.za

we think transport 



## Die kompas wys na NAMPO Park

SA Graan/Grain-redaksie

**D**ie jaarlikse NAMPO Oesdag lok duisende besoekers van oor die hele Suid-Afrika asook uit die buiteland. Met soveel mense wat binne 'n kort tydperk by die terrein moet uitkom, bly vervoer en toegang 'n belangrike fokus vir die organiseerders. Volgens Bennie Zaayman, bestuurder van NAMPO Park, is daar vanjaar 'n paar praktiese aanpassings om verkeer beter te laat vloei en besoekers vinniger op die terrein te kry.

### Aanpassings aan toegang en roetes

Die hoofroetes na NAMPO Park bly grotendeels dieselfde as in vorige jare, maar daar is 'n verandering by die Suid-parkering se toegang. Wanneer besoekers vanaf die teerpad afdraai, lei drie bane nou na die parkering. Hierdie aanpassing is gemaak om voertuie vinniger van die teerpad af te herlei en verkeersopeenhopings te verminder, veral tydens spitsverkeer wanneer klomp besoekers gelyk arriveer.

Organiseerders is vol hoop dat die alternatiewe grondpaaie vanjaar beskikbaar sal wees om verkeersdruk verder te verlig. Dit hang natuurlik alles van die weer en hoeveelheid reën af.

By beide die Noord-hek en die Suid-hek is daar ook sement-baddens waardeur voertuie moet ry as deel van die bek-en-klouseer-protokol. Hierdie maatreeël is noodsaaklik vir biosekuriteit en help om die verspreiding van siektes te voorkom.

### Vervoer na en op die terrein

Die Mieliehop-pendeldiens sal weer beskikbaar wees om besoekers veilig by NAMPO Park uit te kry. Die diens bied die volgende:

- » 'n Kortafstandpendeldiens tussen Bothaville en NAMPO Park
- » 'n Langafstandpendeldiens tussen Potchefstroom en NAMPO Park asook OR Tambo Internasionale Lughawe na Potchefstroom en NAMPO Park (prys afhange van getal passasiers en ook gekoppel aan die nuutste brandstofpryse)
- » Bespreek by Hettienne von Abo-Moolman: 083 439 1140 of [hettiennev@gmail.com](mailto:hettiennev@gmail.com)

Sodra besoekers op die terrein is, bly interne vervoer 'n belangrike deel van die NAMPO-ervaring. Die gewilde trekkerwaentjies wat besoekers tussen verskillende dele van die terrein vervoer, sal weer beskikbaar wees. Vanjaar word die diens uitgebrei met twee ekstra waentjies om wagtye te verminder en kapasiteit te verhoog. Die roetes bly min of meer dieselfde as in vorige jare.

### Vlieg na NAMPO 2026: wat vlieëniers moet weet

Soos elke jaar speel die vliegveld by NAMPO Park 'n belangrike rol om besoekers vinnig en veilig by die terrein uit te bring. Ten spyte van die skerp styging in brandstofpryse, verwag die span wat die lugvaart-bedrywighede bestuur nie dat lugverkeer vanjaar sal afneem nie.

Volgens Tokkie Botes van SV Aviation is die belangstelling om in te vlieg steeds sterk. "Ons verwag nie minder lugverkeer nie. Mense sal steeds NAMPO toe gaan en dit bly nog steeds veiliger en vinniger om te vlieg," sê Botes.

Die lughawesitkamer by die NAMPO-vliegveld is ingerig om vlieëniers en passasiers 'n gemaklike plek te bied om te ontspan, logistiek te reël en asem te skep tussen aankoms en vertrek. Met die groot volumes verkeer tydens die Oesdag help hierdie fasiliteit om die vloei van mense en vlugte beter te bestuur.

SV Aviation hanteer ook die brandstofverkope by die NAMPO-vliegveld. Twee tipes lugvaartbrandstof kan aangekoop word, naamlik Avgas of Jet A-1. Kaartfasiliteite is beskikbaar.

**Rus 'n bietjie daardie moeë voete en spring op een van die trekkerwaentjies wat deur die terrein beweeg.**



Daar is vanjaar 'n aanpassing by die Suid-parkering gemaak om voertuie vinniger van die teerpad te herlei en verkeersopeenhopings te verminder.

## Belangrike wenke vir vlieëniers wat vir die eerste keer op NAMPO Park land

Vir produsente en vlieëniers wat nog nie voorheen by NAMPO geland het nie, is goeie voorbereiding noodsaaklik. Volgens Botes is die volgende riglyne belangrik:

- » **GPS-koördinate:** Maak seker jy het die korrekte koördinate vir die NAMPO-landingsbaan voor vertrek.
- » **Vooraftoestemming (PPR):** Verkry vooraf goedkeuring om te land, aangesien landingsgleuwe tydens NAMPO beperk kan wees.
- » **Notas:** Gaan alle relevante kennisgewings aan vlieëniers na vir tydelike lugruimbepelings en prosedures wat tydens die geleentheid geld.
- » **Aankoms- en vertrekprosedures:** Maak jouself vertrou met die roetes, rapporteerpunte, radiofrekwensies en sirkelprosedures om 'n veilige verkeersvloei te verseker.
- » **Radiokommunikasie:** Handhaaf duidelike kommunikasie op die voorgeskrewe frekwensie wanneer jy die gebied nader en daarin opereer.
- » **Parkering:** Volg ná landing die aanwysings van grondpersoneel, aangesien parkering streng gekoördineer word tydens die hoë verkeersvolume.
- » **Dokumentasie:** Maak seker alle vliegtuig- en vlieënierdokumente, lisensies en mediese sertifikate is geldig en byderhand.
- » **Veiligheid en nakoming:** Hou by alle lugvaartregulasies en geleentheidspesifieke reëls om veiligheid vir almal te verseker.

Botes beklemtoon dat vlieëniers altyd die nuutste amptelike inligting moet raadpleeg voordat hulle vertrek. Met goeie beplanning en samewerking bly die NAMPO-vliegveld 'n doeltreffende en gerieflike toegangspunt vir produsente wat die Oesdag wil bywoon, en dit dra by tot die unieke ervaring wat NAMPO jaar ná jaar bied.

### Vliegveld-inligting:

- » **Koördinate:** S27°13' 23" E026° 40' 43"
- » **Kommunikasiefrekwensie:** 120,2 MHz
- » **Lengte:** 1 200 m
- » **Wydte:** 20 m + 20 m skoon aan beide kante
- » **Hoogte:** ± 4 500 voet bo seevlak
- » **Sirkelvlug:** Links
- » **Kraglyne:** Ooste- en westekant
- » **Kontakpersoon:** Vir enige navrae oor die vliegveld, skakel Cliff Lötter by 082 855 5550. ●



NAMPO  
2026

PRODUCT INFORMATION

## New float valve delivers maximum water flow

Shaun Costigan, production manager,  
Jooste Cylinder and Pump Company

**A**re you struggling to find a decent ball valve? Are other available ball valves too small with no flow? Are your ball valves breaking under high pressures? Well, then we have the answer for you. Our new Jooste HDPE float valve delivers maximum water flow and can handle up to 10 bar pressure. Its modern and simple design makes it easy to install and maintain. The ball valve is made from the highest quality materials with a 'solid' float that will not absorb any water.

We also have a wide range of shallow, deep, and surface-mounted stainless-steel cylinders, along with spares for every Jooste product and more.

Visit our knowledgeable team at stand 108 in the NAMPO Hall to learn more about our new HDPE ball valve, along with our wide range of products for your windmill borehole solutions. See you at the NAMPO Harvest Day 2026! ●

# JOOSTE

Cylinder & Pump Co. (PTY) Ltd

**FLOAT VALVES  
NOW IN HDPE**

Easy to install  
Leak-Proof Seal

Replaceable Valve  
Corrosion Resistant

Minimal Lime-Scale Build-up

Long-lasting Materials



➔ 32mm-Low Pressure

➔ 25mm-High Pressure



Visit us in the  
NAMPO Hall  
Stand #108



Tel : (021) 854-6518  
8 Van Zyl Street, Strand, 7140  
[www.joostecylinders.com](http://www.joostecylinders.com)

# KOMATSU

## PC200-10M0 CE Hydraulic excavator



**A next-generation 20-ton class excavator engineered to deliver exceptional fuel efficiency, reliable performance, and low operating costs.**

Designed specifically for the South African general construction and civil engineering environments.



\*Fuel efficient - 18% saving



Lower operating cost



4 cylinder engine

\*compared to the PC200-8M0

[www.komatsu.com](http://www.komatsu.com)

**KOMATSU**  
Creating value together

# Providing excavator power for farming and infrastructure

**Annemarie Viljoen**, manager: Marketing and Brand, Komatsu

**M**odern agriculture extends far beyond planting and harvesting. Today's farming operations require dependable earthmoving equipment for dam construction, road maintenance, land development, drainage, and general infrastructure work. Recognising these realities, Komatsu has introduced the PC200-10M0 CE hydraulic excavator to the South African market – a 20-ton class machine designed to deliver practical performance and cost efficiency for contractors and agri businesses alike.

This excavator reflects a growing overlap between the construction and farming sectors, where reliable machinery plays a critical role in keeping operations productive and self-sufficient.

## Built for practical, everyday work

The PC200-10M0 CE has been developed specifically for general construction and civil engineering applications, many of which are equally relevant in an agricultural environment. From clearing lands and shaping contours to maintaining farm roads, building water infrastructure, and managing drainage, the machine is well suited to the demands faced by progressive farming operations.

## Focused on cost efficiency and reliability

One of the key drivers behind the development of the PC200 10M0 CE is affordability without compromise. For producers and agribusiness operators, equipment investments must be carefully balanced against long-term operational costs and seasonal cash flow cycles.

By offering a lower initial acquisition cost combined with dependable performance, the PC200-10M0 CE supports reduced total cost of ownership. The machine has been engineered with simplicity and durability in mind, allowing for straightforward operation and maintenance – an important consideration for farms that often maintain equipment in-house and operate far from urban service centres.

'The PC200-10M0 CE is the result of listening closely to our customers,' says Mike Helm, general manager: Construction and Marketing. 'It delivers the reliability and performance expected of Komatsu equipment, while providing a cost-effective solution tailored to the realities of construction and infrastructure work in southern Africa.'

## Proven technology

Although cost efficient, this excavator is built on the globally proven Dash-8 excavator platform, ensuring the durability and consistency needed for demanding working conditions. The machine incorporates jobsite-proven engine and hydraulic components, offering smooth, responsive control – whether digging, loading, or shaping terrain.

# Hiér kan jy jou **BONUS** spandeer

SA Graan/Grain-redaksie



**N**AMPO 2026 beloof al die suksesse van die verlede asook verskeie nuwe en interessante dinge te sien, te doen en natuurlik te ete en drinke.

### Veel meer vir die skoner geslag

Goeie nuus vir al die Evas is die nuwe Vrouetent, met twaalf uitstallers van heerlike tot interessante items.

Volgens Bennie Zaayman, bestuurder: NAMPO Park, is dit 'n initiatief deur die NAMPO-organiseerders om aan vroue-besoekers meer as voorheen by die Oesdag te bied. Die Kamer/Makers-tent is nie vanjaar op die perseel nie en die organiseerders het dus 'n eie tent spesiaal vir die skoner geslag ingerig.

'n Wye verskeidenheid items is hier te kry: van krale ingevoer uit Indië, handgemaakte, vroulike en vrolike damesklere, baba- en kleuterklere van katoen en linne, leerskoene en velsorgprodukte tot geskenke en dekoritems met 'n Christelike tema asook houtspeelgoed.

Die tent is naby die **Hopefield-saal** (langs die Standard Bank-standplaas).



'n Verskeidenheid produkte om van te kies en te keur.

soos koelhouers, leervoorskote, plaaslik-vervaardigde skoene, braai-toebehore asook die Crown Group se reeks messe, speserye en vleis-verwerkingstoerusting.

In hierdie saal sal jy ook Exclusive Books, met 'n groot voorraad boeke oor 'n wye reeks onderwerpe, en Kloppers, met klein huis-houdelike toestelle en buiteleweprodukte, aantref.

Coolbag in die **Bosch-saal** het 'n verskeidenheid koel-sakke met leeraksente. Oakley het brille en klere vir die buitelewe, Okapi 'n hele reeks messe en Step Forward SA voetkorrigeerders vir voet- en postuurprobleme.

Die **NAMPO-saal** huisves verskeie uitstallers. Daar is onder meer Oosterse matte, leerprodukte en NAMPO-promosiemateriaal. Voornemende studente kan hier ook inloer by die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van die Vrystaat en Sol-Tech se onderskeie stalletjies.

In die **Santam Landbou-saal** is Hi-Tec reeds 'n ou bekende met hul reeks skoene en sportdrag. Magnum Arms met vuurwapens en onderdele is ook hier te vinde.

Die **Liqui Moly-saal** bied onder meer skoonmaakprodukte, kombuisware, veldskoene en plakkies. ➔ 71

### Nog meer

Die gereelde uitstallers in die **Hopefield-saal** is weer daar met items wat wissel van gansdonsduvets tot juwele en kuns. Daar is ook staal-naamborde vir die huis of plaas te kry en Brother International se reeks naaldwerk- en borduurmasjiene sal te sien wees.

By die **SAMPI-saal en -anneks** is daar enigiets van At Fourie se staanhorlosies tot geskenke vir iedereen, poncho's, kussings, kerse, klere en bekendenaam-skoene te vind.

Die **Nutri Feeds-saal** bied ook 'n heerlike inkopie-ervaring met produkte soos perdrytoerusting, leergordels en -beursies, snoesige bokhaarkombers en innoverende ys- en reisskinkbode.

Maak ook 'n draai by die **Six Gun Country Grill-saal** vir items



Die NAMPO Oesdag bied 'n ware inkopie-ervaring.



Kies Pannar se bekroonde **geelmieliebasters** om die oorfloedige oeste te lewer wat jy verdien.

# OPBRENINGS

## Dít is die BOER in jou.

Jy ken jou grond. Ons ken mielies. Met jare se navorsing en uitgebreide proewe as fondasie, bied Pannar se **geelmieliebasters** uitstekende droogteverdraagsaamheid, staanvermoë en prestasie in beide droëland- en besproeiingstoestande. Ons robuuste pakket sluit groeiklasse van ultravinnig tot medium in, en bied daarby 'n verskeidenheid konvensionele basters sowel as dié met **PowerCore®** tegnologie – veelsydige oplossings vir enige produksiestelsel. Of jy nou jou eerste seisoen **geelmielies** plant of jou vyftigste, vertrou op ons data-gedrewe insigte en persoonlike landboukundige advies om elke besluit te laat tel.



™ ® Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2026 Corteva. 2026/YMAIZE/SAG/03

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)



Saam boer ons vir jou toekoms™



ALTYD AAN  
JOU SY



# Plant jou sukses

met wit droëlandbasters en jou keuse van tegnologie.

Sukses begin met die regte keuse. Of jy nou Roundup Ready® Maize 2, YieldGard® Maize 2, of die wenkombinasie van beide kies, ons bewese portefeulje en toegewyde kundiges ondersteun jou van planttyd tot strooptyd.



/// DKC62-37BR

/// DKC71-71BR

/// DKC78-77BR

acceleron®

Roundup®  
HERBICIDE

Roundup  
Ready®  
MAIZE 2

YieldGard®  
MAIZE 2



#DEKALBverskil | | @Bayer4Crops

www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za /// Tel: +27 11 921 5002

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Collaboration Hub, Eerste Vloer, Waterfall-sirkel, Country Estate Rylaan 9, Waterfall City, Midrand, 2090.

Die registrasie-eienaar van Acceleron®, DEKALB®, Roundup Ready® Herbicide, Roundup Ready® MAIZE 2 en YieldGard® MAIZE 2 is Bayer AG.

WAARSKUWING – LEES DIE PRODUKETIKETTE VOOR GEBRUIK.



**NAMPO** *Grids - Guide*

**SA Graan**  
**Grain**



*Veerkrachtigheid  
deur innovasie*

*Resilience through  
innovation*

# Geïntegreerde plaagbeheer

## Integrated pest control

ADVERTEERDERS ADVERTISERS  
BASF, Syngenta

# Kom eet op ons werf

Die **Syngenta Boerekos Plaaskombuis** se deure is weer oop by Nampo en vanjaar is ons selfs beter! Kom sit aan vir restaurantgeregte teen 'n fraksie van die prys - voorberei met net die beste vleis en pluimvee van ons vyf uitgesoekte kosvennote, ontwikkel deur Arina du Plessis, **Boerekos**-redakteur, en gemaak deur 'n bekwame span van die *The Roots Academy*-sjefakademie in Potchefstroom.

Daar is varsgebakte platbrode gevul met gepluiste Karoolamsvleis en tuisgemaakte tzatziki, sappige varklies-espaldas afgerond met 'n aromatiese blatjang-sojasous en voorgesit met suurroom, rooi-ui en piekelkomkommer op 'n warm naanbroodjie, en smulsagte geroosterde beesborsstuk voorgesit op Vrystaatse geelmielie-stywepap met tamatie-en-pikantrissiesmoor. Of wat van 'n worsrol met hoender-Frankfurters, gerooster met 'n klewerige heuningmosterdsous in 'n tuisgemaakte baguette met mosterdmayonnaise, fyngerkerfde koolslaai en bros piekel, of 'n vyfster-kaasburger met 'n steakpattie, cheddarkaas, agurkie, suurroom-mayo, tamatie en uie, voorgesit met aartappelskyfies of -wiggies. **Pryse vir die etes wissel van R90 tot R120.**

By die **Syngenta Boerekos Plaaskombuis** sal jy 'n spyskaart met topgehalte-geregte kry wat sinoniem is met die bekroonde tydskrif **Boerekos**, verkry van voorste vleis- en varsprodukte-verskaffers. Geniet jou kos om 'n tafel met 'n plaasatmosfeer of neem dit weg in 'n gerieflike pakkie.



## Waar?

Die **Syngenta Boerekos Plaaskombuis** is geleë aan die suidwestekant van die Nampo-terrein, oorkant die 4x4-baan. 'n Argiteksruimte met sitplek vir 250 mense.



## Les jou dors

Vanjaar kry jy jou drankies somer waar jy jou kos koop! Kies uit nie-alkoholiese ontwerpersbier, vrugtesap, ystee, koeldrank of water. En maak van vroegoggend af 'n draai by ons koffietoonbank vir 'n heerlike koppie boeretros.



Beesborsstuk (brisket)



Lamsvleis-platbrood



Beesvleis-kaasburger



Frankfurter-rolle



Varklies-espeta



In samewerking met



Vir meer inligting, kyk op

- Landbouweekblad
- Landbou Boerekos
- SyngentaSA

[www.landbou.com](http://www.landbou.com)

66 **HIÉR KAN JY...**

**🔍 Ook vir mans**

Benewens al die landbougerigte items en vuurwaens, is daar vele ander produkte te sien en te koop wat die manne se harte gewis vinniger sal laat klop.

Steyn's Swepe in die **Nutri Feeds-saal** se handgevegte swepe is een van die items wat 'n kyk werd is. In dieselfde saal is Blacksmith Creations met handgemaakte biltongsnyers en braaitoerusting.

Vir die avontuurlustiges is daar 'n hele reeks buitelusleepwaens by Bush Lapa Offroad Trailers en veldrykaravane by Conqueror Off-road Campers. Safari Outdoor (E38) is ook 'n moet vir manne wat hou van kampeer en avontuur.

Jagtoesiaste kan gaan inloer by Dave Sheer vir vuurwapens, ammunisie en jaguitrustings. Hunters Warehouse bied 'n reeks boë en selfverdedigingstoerusting.

Selfs vir die gróót manne is daar voorsiening gemaak – Big 'n Tall se uitstalruimte in die **Six Gun Grill Country-saal** verskaf mansklerere van groottes 2XL tot 10XL. En vir dié wat werklik wil aandag trek met hul voorkoms, is daar Boerboel Wear in die Liqui Moly-saal met hulle klerereeks.



**En kinders ...**

Die kleinspan kan maar hul spaarvarkies of vir ouma en oupa saambring, want ook vir hulle is daar heerlike items te koop. By die Africars Forkeeps-stalletjie in die **NAMPO-saal** is duursame staalspeelgoed, soos vragmotors en trekkers te koop.

Daar is ook ekovriendelike houtblokke vir vroeë kinderontwikkeling in die Vrouetent en Play Outdoor het kunsmatige speeloppervlakke en apparaat beskikbaar waaroor die kleingedek gek sal wees.

**Asook troeteldiere**

By die Boerboeltelersvereniging (**Yara Animal Nutrition-saal**) is klere en bykomstighede vir hierdie viervoetvriende beskikbaar.

**Wingerdhuys**

'n Nuwe toevoeging tot NAMPO 2026 is die Wingerdhuys Proe- en Eetlokaal. Hier kan besoekers vanaf 07:00 tot 11:00 ontbyt en ligte verversings geniet. Van 11:00 af is die Wingerdhuys oop vir wynproe en -verkope. Die volgende kelders se produkte sal beskikbaar wees: Blaauwklippen, Jakkalsvlei, Kloovenburg, Vergelegen en Zorgvliet.

Die Wingerdhuys is op standplaas G geleë, naby Hek 2 en die Red Bull-avontuurbaan.

**Padstal**

Die **Ouma Rooi Padstal** is vir seker 'n besoek werd. Vanjaar is daar weer lekkernye soos droëvrugte en neut, handgemaakte bokkaas, 'n groot verskeidenheid konfyt, heuning, koeksisters en kleinkoekies.



**Van leerware en speserye tot heerlike vars aarbeie ... alles te kry onder een dak.**

**Nuwe standplase**

By Hek 3 is daar vanjaar nege nuwe standplase ingeruim en die volgende uitstallers (waarvan sewe nuut op NAMPO is) sal daar te sien wees.

Die nuwe uitstallers is BCZA, GUD Holdings, Exact Silage, Jakkals Landbouthoerusting, LSA Covers, Prexowave t/a Lock Group en Poldaw Engineering. John Deere Construction Machinery en Airbus Southern Africa is twee ou bekendes wat ook hier uitstal.

**Geboue**

NAMPO Park spog vanjaar met vier nuwe geboue en/of afdakke – Falcon, Big Dutchman, Livetrack SA, Lemken en BMG. Claas het verbetering aan hul perseel aangebring.

**Die NAMPO-saal is jaarliks 'n groot trekpleister vir oud en jonk.**



**Hommeltuigdemonstrasies**

Nog 'n eerste by NAMPO 2026 is hommeltuigdemonstrasies. Danie Minnaar, voorsitter van die Oesdagkomitee, vertel dat die demonstrasies aan al die regulasies van die Burgerlike Lugvaartowerheid sal voldoen.

Dit vind daagliks tussen 12:00 en 13:00 by die Red Bull-avontuurbaan plaas. Fisiese demonstrasies is onderworpe aan weers-toestande. ●

# Vir beskerming van mielies onder druk tel elke besluit

Jaco van Zyl, gewasbestuurder: Rygewasse, BASF

**M**ielieprodusente word jaarliks gekonfronteer met die stil bedreiging van siektes wat oeste kan vernietig, selfs voordat simptome sigbaar is. Met Revytek®, wat by 'n reeds indrukwekkende BASF-portefeulje van swamdoders, onkruidodders en insekdoders aansluit, het produsente nou die hulpmiddels om gewasse vroeg te beskerm, bestuur te vereenvoudig en die meeste uit elke hektaar te haal.

Elke mielieseisoen begin met hoop. Die lande word voorberei, verskillende kultivars word ondersoek en uiteindelik met groot veragting geplant, weerstoestande word fyn dopgehou en elke produsent sien uit na 'n gesonde oes met 'n hoë opbrengs. Maar saam met die hoop en opwinding is daar 'n stil bedreiging in die lande – plantsiektes wat vinnig kan toeslaan en selfs die aanvanklik belowende oes in 'n mislukking kan omskep.

Blaarsiektes in Suid-Afrika kan opbrengste radikaal verminder, afhange van die patoëen, die erns van die siekte, omgewingstoestande en basterverdraagsaamheid – alles sleutelfaktore in die sogenaamde siektedriehoek. Die belangrikste sondebokke wat swamsiektes in plaaslike mielieproduksie veroorsaak, is grysblaarvlek (*Cercospora zeina*), noordelike mielieblaarskroei (*Setosphaeria turcica*) en gewone of bruin roes (*Puccinia sorghi*).

## 'n Nuwegenerasie-swamdoder

Chemiese beheer is uiters suksesvol as 'n voorkomende beheer-maatreël en dis hiër waar BASF mielieprodusente met 'n omvattende portefeulje swamdoders ondersteun. Binne hierdie breër portefeulje staan die nuweling uit die BASF-stal, Revytek®, uit as 'n baanbreker-produk wat met 'n nuwe benadering tot siektebeheer spog.

Dit kombineer die nuwegenerasie-isopropanol-triasool, Revysol® (*mefentrifluconazole*), met die beproefde strobilurien F500®. Saam vorm hierdie dubbelaksie-formule 'n kragtige beskermingsmeganisme wat vinnig werk en langdurige beskerming bied. Die unieke molekulêre struktuur van Revysol® stel dit in staat om effektief deur die blaar te beweeg – beide sistemies en translaminêr. Dit beteken die aktiewe bestanddele word vinnig deur die plant opgeneem, wat help om siektes vroeg te stop en die gewas vir 'n langer tydperk te beskerm.

## Dink program, nie produk nie

Alhoewel nuwe chemie soos Revytek® vir produsente nuwe beheeropsies bied, gaan effektiewe siektebeheer selde oor 'n enkele produk. Suksesvolle mielieprodusente vertrou toenemend op 'n goed gestruktureerde swamdoderprogram wat gewasse tydens sleutelgroeistadiums beskerm.

Vir optimale resultate beveel BASF 'n sterk swamdoderspuitprogram aan wat ongeveer vanaf die vyf- tot sesblaarstadium begin, met produkte soos Revytek®, Priaxor® en Abacus® Advance. Waar siektedruk hoog is, kan 'n opvolgtoediening ongeveer vanaf groeistadium 51 oorweeg word met produkte soos Revytek®, Priaxor®, Abacus® Advance en Duett® Star.

Hierdie programgebaseerde benadering help om die gewas te beskerm tydens die mees kritieke ontwikkelingsperiodes, veral die graanvulstadium wanneer 'n gesonde blaaroppervlak noodsaaklik is om opbrengspotensiaal te maksimeer.

Swamdoderbeheer vorm egter slegs een deel van BASF se geïntegreerde portefeulje, wat ook beproefde oplossings vir onkruiddruk en insekte insluit. Onkruidodders soos Eragon®, Intelix® en Frontier® Optima hanteer moeilik beheerbare breëblaaronkruid en grasse, terwyl Fastac® beskerming teen plaë soos Afrika-bolwurm, snywurm en stronkboorder bied. Hierdie geïntegreerde strategie laat produsente toe om risiko's te bestuur en die volle potensiaal van elke hektaar te benut.

## Ter afsluiting

Moderne landbou gaan vandag oor meer as net opbrengs. Dit gaan daarvoor om elke hektaar optimaal te bestuur en elke besluit strategies te neem. Met sy stewige portefeulje wil BASF produsente help om presies dit te doen – om gewasse beter te beskerm, risiko's te bestuur en met groter sekerheid na 'n suksesvolle oes uit te sien.

By BASF glo ons dat ware innovasie nie net in die laboratorium gebeur nie, maar in die lande waar produsente elke dag werk. Nuwe, innoverende produkte soos Revytek® is deel van daardie visie: om produsente te ondersteun met innoverende, hoëprestasie-oplossings wat volhoubaarheid en winsgewendheid help bevorder. ●



BASF beveel 'n sterk swamdoderspuitprogram, wat ongeveer vanaf die vyf- tot sesblaarstadium begin, aan.

# Vir die *liefde* van landbou

Om te sê jy “hou van” landbou  
sê heeltemal te min ...

“Hou van” is om in die lande te wees  
wanneer die weer gunstig is, die grond  
uit hom laat groei, en die werk maklik  
voel ... “Lief wees” is om met dagbreek  
reeds in die velde te wees ongeag die  
weer, die lande of die werk. Boerdery is  
**nie ’n keuse nie, dis ’n roeping**. Dis  
die grootste taak ter wêreld.

Kies ’n vennoot wat reeds vir **generasies  
lank** Suid-Afrikaanse boere bystaan.

 **BASF**  
We create chemistry



BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk • Sestiendestraat 852, Midrand, 1685  
Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 • Tel: +27 11 203 2400  
Faks: +27 11 203 2461 • Webblad: [www.agro.basf.co.za](http://www.agro.basf.co.za)  
Mobiele webblad: [m.agro.basf.co.za](http://m.agro.basf.co.za)



  
DIE  
**NAAM**  
WAARVOOR  
JY MOET  
**VRA**

# Van sousige sosaties tot wyn wat warm maak

SA Graan/Grain-redaksie

**K**os gaan in die laaste instansie nie net oor wat op die bord is nie, maar oor wie langs jou sit. Dit lê in die deel – die aangee van 'n broodjie, die skink van nóg 'n koppie koffie, die saam lag oor 'n eenvoudige ete. Dit is waarin die ware waarde skuil.

Alhoewel kos die liggaam voed, voed samesyn die siel. Daarsonder sou NAMPO ook nie die hartlike ervaring wees wat dit is nie, want die herinneringe wat rondom kos geskep word sou ontbreek.

Die kosstalletjies word deur nuwingsgewende gemeenskapsorganisasies, skole en kerke bedryf. Ondersteun hulle gerus – die opbrengs gaan vir 'n goeie doel.

Op vanjaar se spyskaart wag weer eens 'n onvergeetlike eetervaring op besoekers:

- » Aarbeie met room – Ouma Rooi Padstal
- » Biltong en droëwors – Bothaville Hoërskool
- » Boereworsrolle – Eben Dönges Primêre Skool, Loskuil Primêre Skool, NG Kerk Derby
- » Hamburgers – NG Kerk Derby
- » Hoender-kaasburgers – Loskuil Primêre Skool
- » Hoenderrepies en tjijs – Loskuil Primêre Skool
- » Kaasburgers – Loskuil Primêre Skool
- » Miami-burgers – Eben Dönges Primêre Skool
- » Middagete – Hoërskool Trio
- » Ontbyt – Hoërskool Trio
- » Pannekoek – Eben Dönges Primêre Skool, NG Kerk Derby
- » Pasteie – Eendjieland Kleuterskool

- » Pitabrood met gepluiste varkveis – Loskuil Primêre Skool
- » Roomys – Eben Dönges Primêre Skool
- » Roosterbroodjies – Loskuil Primêre Skool, NG Kerk Derby
- » Slap tjijs – Loskuil Primêre Skool, NG Kerk Derby
- » Sosaties – Eben Dönges Primêre Skool
- » Wegneemetes – NG Kerk Vierfontein



Jou voete gaan dalk seer geloop wees, maar honger ly sal jy beslis nie! Ondersteun gerus die vriendelike uitstallers wat jaar na jaar hard werk om Oesdagbesoekers se mae vol te hou.



NAMPO

Grids-Guide

SA Graan  
Grain

*Veerkrachtigheid  
deur innovasie*

*Resilience through  
innovation*

# Bemesting

# Fertiliser

ADVERTEERDERS ADVERTISERS

Fertasa, H Pistorius, Kynoch, SA Kalk & Gips

# OTTOSHOOOP




DOLOMIET **PLUS** 

MEER KALSIMUM

MEER MAGNESIUM

MEER GROEI

FYNSTE PARTIKELGROOTTE MET MEER GEKONSENTREREDE SUIWERHEID PER TON, MAAK OTTOSHOOOP DOLOMIET PLUS   
DIE NOMMER 1-DOLOMIET IN SA

-  Voorsien jou grond van meer gekonsentreerde kalsium & magnesium
-  Verbeter die opname van die belangrikste plantvoedingselemente (stikstof, fosfor & kalium)
-  Verseker vinniger ekonomiese voordeel

TEL: 0860 103 515  
E-POS: [kalk@sakg.co.za](mailto:kalk@sakg.co.za)

[www.sakg.co.za](http://www.sakg.co.za)

 **KALK & GIPS**  
**LIME & GYPSUM**  
WITKOP MINE | MYN

## < VAN SOUSIGE SOSATIES...

Die NAMPO-ervaring maak 'n mens maklik dors en die oplossing vir hierdie probleem lê hier:

- » Bier – Biertuin
- » Koeldrank – Eendjieland Kleuterskool, Eben Dönges Primêre Skool, Loskuil Primêre Skool, NG Kerk Elandia, NG Kerk Vierfontein
- » Koffie – Eben Dönges Primêre Skool, Loskuil Primêre Skool, NG Kerk Derby, NG Kerk Elandia, NG Kerk Vierfontein
- » Tee – Loskuil Primêre Skool, NG Kerk Derby, NG Kerk Vierfontein
- » Warmsjokolade – Loskuil Primêre Skool
- » Water – Eendjieland Kleuterskool, Loskuil Primêre Skool
- » Wyn – Wingerdhuys

### Syngenta Boerekos Plaaskombuis

Dit word aangebied deur *Landbouweekblad* en Syngenta en is 'n eetervaring om na uit te sien.

Die resepte is ontwikkel deur Arina du Plessis (redakteur van Boerekos) en die geregte word deur studente van The Roots Academy van Potchefstroom voorberei. Dit sluit in beesvleisborststuk op geel mieliepap, platbrode met gepluisde Karoo-lam, varklies-espetadas en Frankfurter-rolle met soet mosterd.

Vanjaar sal die BBP-gedeelte slegs op uitnodiging besoek word; daar is nie kaartjiewerkepe hiervoor nie. Die plaaskombuis is in die Syngenta-gebou (naby Hek 2) in Dura Lovollaan.

### Fanie Ferreira-saal

Die Hoërskool Trio Restaurant is weer vanjaar in die Fanie Ferreira-saal te kry waar jy watertandgeregte kan bestel, van ontbyte tot skaaptjops, krummelpap, skildpadjies, wraps en slaai.

Geniet jou ete in die saal (wegneemopsie ook beskikbaar). Nóg 'n opsie net buite die saal is die Stoepstories-teetuin waar jy ligter maaltye asook koffie kan kry. ➔



Hier gaan jy lekker eet!



Daar is genoeg sitplek op die terrein waar jy kan sit terwyl jy aan iets lekker smul.



**FERTASA**  
Fertilizer Association of Southern Africa

[www.fertasa.co.za](http://www.fertasa.co.za)

## FERTASA, CERTIFIED CREDIBILITY

### CORE FUNCTIONS

- Actively promote agro-economic and environmentally accountable fertilizer, bio-fertilizer, and aglime practices.
- Develop a positive public awareness and acceptance of the need for fertilizer, bio-fertilizer and aglime use in food production.
- Improve the operating environment within which its constituent industries operate in a spirit of free enterprise and fair trade.
- Assimilate, add value to and disseminate fertilizer, bio-fertilizer, and aglime related information.
- Provide a discussion forum for its members and other parties on all aspects relating to fertilizer, bio-fertilizer and aglime distribution, agronomic advice, and product quality.

**Fertasa and its members are committed to the promotion of sustainable soil fertility and enhanced plant nutrition.**

### WHO ARE WE?

- A code of conduct.
- A set of standards audited by an independent compliance management body.
- Quality products.
- Relevant scientifically based recommendations.
- Continual learning and improvement.
- Complying with all legal requirements.

**WE STAND FOR THE PROTECTION OF THE SUSTAINABLE USE OF FERTILIZER**



FERTASA  
Fertilizer Association of Southern Africa  
+27 (0) 12 349 1450 | [general@fertasa.co.za](mailto:general@fertasa.co.za)



## < VAN SOUSIGE SOSATIES...

### 📍 Biertuin

Die biertuin is 'n gereelde instelling en gesellige kuierplek by NAMPO wat deur die Broekman Studiegroep bedryf word. Humansvlakte Plaasskool hanteer die snoepie by die biertuin.

Eetgoed wat daar te kry is, sluit nachos, sosaties, burgers, wraps, biltong, tjijs, lekkergoed en koeldrank in. Sigarette en aanstekers is ook daar beskikbaar.

### Wingerdhuys

'n Nuutjie by NAMPO is die Wingerdhuys Proe- en Eetlokaal, waar besoekers van 07:00 tot 11:00 ontbyt en ligte verversings kan geniet.



Vanaf 11:00 skuif die fokus na wynproe en -verkope, met 'n keur uit bekende kelders soos Blaauwklippen, Jakkalsvlei, Kloovenburg, Vergelegen en Zorgvliet.

Die Wingerdhuys is geleë op standplaas G15, naby Hek 2 en die Red Bull-avontuurbaan.



### Waar op die terrein?

- » Eben Dönges Primêre Skool – K7, K14, K16
- » NG Kerk Derby – K3
- » NG Kerk Elandia – K15
- » Hoërskool Trio – Fanie Ferreira-saal
- » Humansvlakte Plaasskool – K10
- » Broekman Studiegroep – K11
- » Eendjieland Kleuterskool – K12
- » Loskuil Primêre Skool – K17



## BOU BETER OPBRENGS

Pieter | 082 883 3339 | pieter@pistorius.co.za  
 Adeliën | 082 883 3100 | adeliën@pistorius.co.za

[www.kalk.co.za](http://www.kalk.co.za)

# Besoek Kynoch by NAMPO 2026

*Kwaliteit. Doeltreffendheid. Effektiviteit.*



info@kynoch.co.za  
www.kynoch.co.za



KynoFulvate Yellow<sup>®</sup> - M261 (Act 36 of 1947) /  
Kynohumate Black<sup>®</sup> Reg No. M350 Act 36 of 1947 /  
KynoKelp Super<sup>®</sup> M279 Act No. 36 of 1947

NAMPO

Grids-Guide

SA Graan  
Grain

*Veerkrachtigheid  
deur innovasie*

*Resilience through  
innovation*

Diere

Animals

ADVERTEERDERS ADVERTISERS

Algar, Elanco, Molatek

# Vee-afdeling dink vanjaar uit die boks

SA Graan/Grain-redaksie

**B**esoekers aan die veekompleks by NAMPO kan 'n heeltemal verskillende maar steeds waardevolle ervaring verwag. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Oesdag sal geen diere met gesplete hoewe op die terrein toegelaat word nie. Dit is 'n besluit wat geneem is in reaksie op die toenemende risiko van bek-en-klousee (BKS) in Suid-Afrika.

Hierdie stap, bevestig deur Graan SA en die NAMPO-bestuur, is die gevolg van deeglike risiko-evaluasies en konsultasie met rolspelers in die bedryf. Diere met gesplete hoewe soos beeste, skape, bokke en varke, wat die virus kan dra en versprei, word dus vanjaar uitgesluit om biosekuriteit te beskerm.

## Biosekuriteit bly 'n prioriteit

Alhoewel daar nie vanjaar tradisionele vee-uitstallings sal wees nie, beteken dit gesins dat biosekuriteit verslap word nie. Volgens Wimpie Rossouw, organiseerder van die veeprogram vir die afgelope 35 jaar, bly streng maatreëls in plek.

Voertuie wat die terrein binnegaan, sal steeds deur sementbaddens by beide die Noord- en Suidhek moet ry as deel van die bek-en-klousee-protokol. Daarbenewens sal veeartse op die terrein wees en sal alle dierverwante aktiwiteite onder streng toesig plaasvind.

"Ons gaan so ver as wat menslik moontlik is om dit veilig te hou vir die publiek," sê Rossouw.

## Wat sal besoekers wel sien?

Hoewel diere met gesplete hoewe afwesig is, beteken dit nie die vee-afdeling is leeg nie. Besoekers kan steeds uitsien na 'n verskeidenheid nierisikodiëre, insluitend:

- » miniatuurperde;
- » miniatuurdonkies en skilderdonkies; asook
- » boerbeole.

## 'n Innoverende uitstallingservaring

Die grootste verandering lê egter in hoe telersgenootskappe hul rasse gaan aanbied. Sonder lewende diere op uitstalling word kreatiwiteit en tegnologie nou die fokus.

Genootskappe sal steeds hul standplase beman, maar met 'n nuwe benadering. Groot skerms, visuele aanbiedings, prestasiedata en bemarkingsmateriaal sal gebruik word om die genetiese meriete en produksiewaarde van rasse uit te beeld. Hierdie skuif skep volgens Rossouw 'n geleentheid vir "uit die boks"-denke.

Besoekers kan dus verwag om rasse op 'n meer datagedrewe en visueel interaktiewe manier te leer ken. Dit is iets wat selfs in toekomstige jare 'n rol kan speel.

## 'n Gulde geleentheid vir persoonlike skakeling

Ten spyte van die afwesigheid van diere bly die kern van die vee-afdeling dieselfde, naamlik kontak met telers en genootskappe.

Produsente en belangstellendes kry steeds die geleentheid om een tot een met



Miniatuur- en skilderdonkies maak jaarliks oud en jonk se harte sag.

telers en rasgenootskappe te gesels, vrae te vra en ingeligte besluite te neem. Volgens Rossouw is daar meer as genoeg inligting beskikbaar om besoekers deeglik te oriënteer.

"Dit is 'n gulde geleentheid vir persoonlike gesprekke met die regte mense," beklemtoon hy.

## 'n Leerskool vir die bedryf

NAMPO 2026 se aangepaste veeprogram dien ook as 'n belangrike opvoedkundige platform. Die fokus op biosekuriteit, siekteverspreiding en praktiese voorkomingsmaatreëls bied waardevolle insigte vir produsente en die breër landbougemeenskap.

Hierdie jaar se benadering word reeds as 'n leerskool vir die hele land beskou – dit dien as 'n herinnering aan hoe kwesbaar die bedryf is maar ook hoe vinnig dit kan aanpas.

## 'n Eerste in 35 jaar, maar nie die einde nie

Vir Rossouw is dit 'n historiese oomblik. "Dit is die eerste keer in my 35 jaar by NAMPO dat daar geen gespletehoef-diere op die terrein is nie."

Tog is daar vertroue dat hierdie situasie tydelik is. Die vooruitsig is dat vee in die toekoms weer sal terugkeer, moontlik met streng vereistes soos inentingstifikate.

## Waarom jy steeds die vee-afdeling moet besoek

Al lyk die vee-afdeling vanjaar anders, bly dit 'n waardevolle bestemming op enige NAMPO-roete. Dit bied:

- » direkte toegang tot telers en kundiges;
- » die jongste inligting oor rasse en genetika;
- » 'n innoverende, tegnologie-gedrewe uitstallingservaring; en
- » praktiese insigte oor biosekuriteit.

Dit is dus allesbehalwe 'n afgewaterde ervaring, maar eerder 'n nuwe hoofstuk vir die bedryf.

NAMPO 2026 bewys dat die landbougemeenskap selfs te midde van uitdagende omstandighede kan aanpas, leer en vorentoe beweeg. ●



Maak gerus 'n draai by die vee-afdeling om die immergewilde boerbeole te waardeer.

Skandeer die QR-kode om te sien watter telersgenootskappe vanjaar by die Oesdag te sien sal wees



# BEE SVET 33+

## LAAT JOU BEESTE EN JOU WINS SAAMGROEI!

Met **Molatek** se kundig geformuleerde proteïenkonsentraat, **Beesvet 33+**, is dit nie net jou vleisbeeste wat gaan spog met bultende spiere en massatoename nie ... ook jou beursie gaan bult met die ekstra wins.

- Ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename.
- Bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei stimuleer.
- Gebruik hoëgehalte, natuurlike proteïen wat volgens die aminosuurprofiel vir optimale karkasgroei gebalanseer word.
- Werk voedingsteurnisse en koksidiöse teen.
- Verseker maksimum wins.
- Geskik vir die afronding van bulle en skoubeeste.



## PROTEÏEN- KONSENTRAAT

Vir meer inligting oor **Molatek** se spesifieke voere en dienste, kontak:  
RCL FOODS: [www.rclfoods.com](http://www.rclfoods.com)  
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | [www.molatek.co.za](http://www.molatek.co.za) | [molatek@rclfoods.com](mailto:molatek@rclfoods.com)  
**Beesvet 33+** (V17357) (Wet 36 van 1947)

# Voerkraalafronding is nie ingewikkeld nie

Johan Mouton, tegniese bestuurder, Molatek

**O**nsekerheid is nie 'n nuwe verskynsel nie, maar vir produsente met vee is dit 'n tasbare realiteit. Prysommelings en die impak van bek-enklouseer skep uitdagings wat buite ons beheer lê. Juis daarom is dit noodsaaklik om dié faktore waarom ons wél beheer het, konsekwent en korrek te bestuur.

Gedurende Maart 2026 is 'n sensitiviteitsontleding gedoen wat getoon het die afrond van kalwers in die omstandighede in daardie stadium kon 'n netto inkomste van ongeveer R1 500 realiseer.


Uit Molatek se navorsing sedert 2010 is waardevolle, praktiese insigte vir plaasvlaktoepassing beskikbaar.

Laer koste beteken nie noodwendig goedkoper nie. Kuilvoer illustreer waarom koste altyd op 'n droëmateriaalbasis vergelyk moet word. Hoewel dit teen ±R800/ton in die bunker "goedkoop" lyk, is dit ongeveer 70% vog en kos dus nagenoeg R2 400/ton op 'n droëmateriaalbasis. Kuilvoer is waardevol, maar oormatige insluiting kan droëmateriaalinname beperk en prestasie knou. In 'n Molatek-studie waar speenkalwers uitsluitlik op kuilvoer afgerond is, was staantyd 226 dae, spoormineraalprobleme is waargeneem en die stelsel het 'n verlies van 32 sent in die rand getoon.

"Goedkoper" afrondrantsoene kan duur uitwerk. In 'n studie met ou koeie het 'n rantsoen met net laer proteïen (goedkoper) dieselfde daaglikse groei as die kontrole (Standaard Molatek Beesvet 33+, V17357) getoon, maar 'n rantsoen met verlaagde proteïen én energie het 28% swakker gegroei. **Tabel 1** wys dat hierdie "goedkoper" rantsoene se netto inkomste aansienlik laer was weens swakker voeromsetverhoudings. Dit bevestig dat voeromsetverhouding die primêre drywer van winsgewendheid is, terwyl daaglikse groei nie noodwendig 'n goeie aanduiding van ekonomiese prestasie is nie.

Teenoor dit staan die waarde van goed bestuurde, volledig gespesifiseerde rantsoene. In 'n beesafrostudie is 'n standaardrantsoen van Beesvet 33+ (V17357) vergelyk met 'n rantsoen waarin 25% lusern van hoë kwaliteit ingesluit is, ook met Beesvet 33+. Hoewel die lusernrantsoen 7% duurder was, is 'n 17% hoër netto inkomste behaal. Dieselfde tendens is tot 'n groter mate in kleinveestudies waargeneem, waar diere meer sensitief is vir ruvoerkwaliteit.

Verbeterde rumengesondheid speel 'n sleutelrol by rantsoene met voldoende ruvoer van hoë kwaliteit. Lae ruvoerinsluitings verhoog die risiko van rumenverstourings, veral asidose. Rumengraderings is



1 = 100% gesonde rumen, 5 = Erg beskadigde rumen

Grafiek 1: Rumengraderings versus daaglikse toename.

'n goeie aanduiding van bestuursvlak en rantsoenkwaliteit. **Grafiek 1** toon duidelik dat diereprestasie afneem namate rumenskade toeneem, met 'n gepaardgaande toename in sekondêre long- en lewerprobleme. Die praktyk om ruvoer tydens die finale afrondfase drasties te verlaag, is teenproduktief en lei tot verminderde prestasie. In hierdie fase behoort die fokus eerder op proteïen-energie-verhoudings te wees as op laer veselvlakke.

Hoewel alle aspekte van voerkraalvoeding nie hier volledig bespreek kan word nie, geld die volgende riglyne:

- » Kafeteria- en volvoerstelsels kan werk; volvoer is meestal die voorkeur vir konsekwentheid.
- » Heel mielies is nie geskik vir beeste nie en net in spesifieke gevalle vir kleinvee toepaslik.
- » Wit- en geelmielies presteer dieselfde in voerkraalafronding.
- » *Hominy chop* is 'n goeie energiebron mits voginhoud reg bestuur word.
- » By skape verbeter verpilde voer gerief, maar verander nie prestasie as die formulering dieselfde bly nie.
- » Rantsoene bo spesifikasie (veral oormatige natuurlike proteïen) bied selde 'n ekonomiese voordeel.
- » Skoon, koel en maklik toeganklike drinkwater is van kritieke belang.

Produkte soos Molatek HPC 820 (V28271), Molatek Beesvet 33+ (V17357) en Molatek Skaapvetmeskonsentraat (V14344) is nuttige boustene, maar winsgewendheid hang net soveel van bestuur af: konsekwente daaglikse roefines, minimale drastiese veranderinge en geskikte diere.

Voerkraalafronding is nie ingewikkeld nie: die kern is gedissiplineerde toepassing van beproefde praktyke. 'n Konstante rantsoen met betroubare roumateriaal van hoë gehalte bly die ononderhandelbare basis vir optimale ekonomiese prestasie. Molatek se Tegniese Adviseur-span kan produsente prakties ondersteun om dié beginsels konsekwent toe te pas. ●

## 1 EKONOMIESE PRESTASIE VAN GOEDKOPER RANTSOENE.

BEHANDELINGS	NETTO INKOMSTE VIR ELKE R1 AAN VOER SPANDEER
Verlaagde proteïen	R0,13
Standaard afrond	R0,26
Verlaagde proteïen en energie	R0,08

## International pavilions line up for NAMPO 2026

SA Graan/Grain editorial team

**W**hen the gates of NAMPO Park swing open on 12 May, visitors to this year's Harvest Day will find more than just South Africa's finest agricultural offerings on display. A strong contingent of international exhibitors, representing six countries across four continents, will be showcasing technologies, products, and partnerships aimed squarely at the challenges and opportunities facing the local grain industry.

The international presence at NAMPO 2026 includes pavilions and trade delegations from **France** (French Trade Commission), **Argentina** (Argentinian Pavilion), **Italy** (Italian Trade Commission), **China** (Chinese Pavilion), the **United Kingdom** (IMEX Connect UK Pavilion), and **Turkey** (Turkish Pavilion). Together, they reflect a growing global interest in South Africa's agricultural market and an acknowledgement that NAMPO remains one of the most respected agricultural exhibitions in the Southern Hemisphere.

### Italy: Engineering excellence meets African agriculture

The Italian Trade Agency will bring a curated selection of Italian companies specialising in agricultural structures and technologies to NAMPO this year. Key product categories on display will include motors and engines, irrigation machinery and equipment, and machines designed for plant and crop protection.

For Italy, the South African market represents an important destination for products developed through sustained research and technological innovation. 'Italy looks to the South African market as a potential client for products born of research and technological development aimed at improving crop productivity and food safety,' says Laura Fiocchi from the Italian Trade Agency's Johannesburg office. She describes South Africa as an important partner because agriculture underpins the country's commercial life and, by extension, the wellbeing of its people. 'Better farming means helping to improve production and living standards.'

For grain producers specifically, the Italian offering centres on the safety and reliability of its products, guaranteed support and long-term usability, and a scalable return on investment. Visitors can find the Italian Pavilion at stand E12A.



### United Kingdom: A collective showcase of practical innovation

The British presence at NAMPO is being facilitated by IMEX Connect, with director Esti Swart leading the coordination of what the organisers call the British Showcase, a platform bringing together six specialist UK agricultural technology and engineering companies.

This year's lineup includes Perry Engineering, which specialises in grain handling, drying, and storage solutions with a focus on efficiency and post-harvest integrity; Martin Lishman, a leader in crop intelligence tools for monitoring, inspection, and precision support; and Storth Machinery, known for robust manure handling and nutrient management equipment that supports soil health and sustainable crop production.



The growing international footprint aligns with the broader theme of NAMPO 2026: Resilience through innovation

The showcase also features Global Development Partnership, which focuses on innovative hydroxal air purification systems for agricultural applications; Aspia Space, introducing advanced space-enabled data and analytical technologies for monitoring, forecasting, and strategic farm management; and Aftrak, which brings solar-powered machinery and technology solutions tailored to on-farm productivity.

In a notable first for NAMPO, Aftrak will showcase its groundbreaking solar microgrids and tailored tractors designed to empower smallholder farmers across Africa. The company was the winner of the 2024 \$1 million Milken-Motsepe Prize in Green Energy global competition, a distinction that underlines the calibre of innovation on display at the British Showcase.

'NAMPO is one of the most respected agricultural exhibitions globally and provides unrivalled access to South Africa's grain producers, industry leaders, and decision makers,' says Swart. She notes that South Africa's grain industry shares many similarities with





farming systems in the UK, particularly around climate variability, efficiency pressures, agricultural research, and the need for resilient infrastructure, making it a highly attractive and relevant market for UK solutions.

What sets the British Showcase apart, according to Swart, is its collective, solutions-driven approach. Rather than individual companies operating in isolation, the platform encourages collaboration, knowledge sharing, and meaningful discussion with producers. 'This presence reflects a long-term commitment to building strong trade relationships between the UK and South African agricultural sectors,' she adds, 'focusing not just on exhibition exposure, but on partnership, support, and sustainable market entry.'

### A global gathering with local relevance

The wider international lineup adds further depth to the NAMPO experience. The French Trade Commission and the Argentinian Pavilion bring expertise from some of the world's most productive agricultural economies, while the Chinese and Turkish pavilions expand the range of technologies and trade opportunities available to South African producers.

This growing international footprint aligns with the broader theme of NAMPO 2026, which centres on resilience through innovation. At a time when South African agriculture is operating under increasing pressure from climate variability, rising input costs, and market and policy uncertainty, access to global technologies and trade partnerships has never been more important.

For grain producers planning their visit to NAMPO Park between 12 and 15 May, the international pavilions offer a valuable opportunity to explore solutions developed in diverse farming environments around the world, all brought together in one place with direct relevance to the realities of farming in South Africa. ●

## Praktiese toerusting VIR MODERNE VEEBOERDERY

Charlotte Esterhuizen, verkope, Algar

**A**lgar Ind BK vervaardig betroubare veehanterings-toerusting wat ontwerp is om werk met vee veiliger, vinniger en meer doeltreffend te maak. Die toerusting word met 'n fokus op duursaamheid en praktiese ontwerp gebou.

Een van die gewildste produkte in Algar se reeks is die Nek-en-Lyfklamp. Hierdie eenheid hou beeste veilig vas tydens take soos inentings, ondersoek, merkwerk en basiese veertse-nykundige behandeling. Deur die dier stewig te stabiliseer, beskerm dit beide dier en hanteerder en bied elf verskillende toegangshekke wat volle toegang tot die dier gee.

Die klamp word uit staal van hoë gehalte vervaardig en is ontwerp vir gereelde gebruik op die plaas. Dit kan beide kleiner en groter beeste hanteer, wat produsente meer beheer en selfvertroue gee tydens veehantering.

Benewens hanterings-toerusting bied Algar ook beeswaens wat veilige en praktiese vervoer van vee moontlik maak. Die tralies kan verwyder word, wat die wa veeldoelig maak vir ander plaaswerk. ●

PRODUKINLIGTING



**Besoek ons by  
NAMPO  
Standplaas F32**

**ALGAR  
IND BK**

**Veehanterings-toerusting  
Livestock Handling Equipment**




www.algar.co.za
082 324 6256
algar@algar.co.za

Kom besoek ons by die Elanco™ Animal Health-stalletjie  
By NAMPO 12 - 15 Mei 2026

# NAMPO

Loer Gerus In By Gebou V6 & V7, Canola Laan



Vir meer as 70 jaar is ons daartoe verbind om diersorg te verbeter deur veeartse, boere en dieregesondheidspraktisyns te bemagtig.

WANNEER ONS DIE LEWE VIR DIERE VERBETER,  
VERBETER DIT UITEINDELIK DIE LEWE VIR ALMAL

**Elanco**

# Control and manage ticks in cattle

**Roaland Jooste**, senior technical consultant: Parasitology, Elanco Animal Health

**T**icks impact herd health and are one of the most common and important challenges facing any cattle operation. Ticks infesting cattle do not necessarily interact with all host animals in the same manner. While some ticks are classified as single-host parasites, remaining on the same host for the duration of their life (excluding the laying of eggs), other ticks will attach to multiple hosts throughout their life cycles (two-host ticks and three-host ticks).

They are resistant to adverse environmental conditions and capable of adapting to varying habitats with broad geographic ranges. Additionally, female ticks can lay anywhere between one and 17 000 eggs at a time – just one tick has the potential to cause an infestation.

Many ticks can also transmit certain diseases to host animals, such as redwater, gallsickness, East Coast fever, and heartwater. Luckily, cattle can develop certain immunities to the effects of ticks, but young stock is especially susceptible to tick-borne ailments.

## Economic impact of tick infestations

Tick infestations can have a drastic effect on productivity caused by a host of factors, including severe disease and death. They can make cattle uncomfortable and unproductive, resulting in significant live weight losses. One study demonstrated that cattle infested with 60 ticks showed a 10,4-kg reduction in live weight compared to non-infested cattle over a 16-week period.<sup>1</sup>

The popular Drastic Deadline range in tick control.



Cattle tick infestations can also impact milk production and quality, having been shown to reduce production by 2,86 litres/day. Additionally, tick bites diminish the value of skin and hides, potentially rendering them unusable as a direct result. While several types of ticks affect cattle worldwide, 80% of the world's cattle population is exposed to the blue tick alone. This makes these cattle ticks the most financially impactful parasite or disease and among the costliest worldwide.

“

**One female tick can lay up to 17 000 eggs at a time, potentially causing an infestation**

## Prevention and management of tick infestations

The most common means of managing ticks is the use of acaricides – chemicals that kill ticks. However, the timing of treatments is important. Applying treatment early, for example, is effective in reducing spring rises in tick numbers. An integrated management approach can reduce the need for frequent use of chemical treatments, including the regular monitoring of infected cattle and quarantining prior to herd introduction.

Drastic Deadline pour-on is one of the most effective tools available for producers looking to prevent tick infestations. An easy-to-apply solution containing flumethrin, a synthetic pyrethroid, Drastic Deadline involves little stress to the animal and a dual mode of action that has a direct lethal effect against ticks while also inhibiting production of viable eggs from exposed female ticks. This latter effect helps reduce the number of required treatments compared to other acaricides.

Interested in learning more about tick management and control solutions at your disposal? Contact your local Elanco representative today, or visit us at NAMPO in Bothaville. ●

<sup>1</sup> Jonsson, NN, Mayer, DG, Matschoss, AL, Green, PE & Ansell, J. 1998. Production effects of cattle tick (*Boophilus microplus*) infestation of high yielding dairy cows, *Veterinary Parasitology*, 78, 65 - 77; Little D, 1963.



**NAMPO** *Grids - Guide*

**SA Graan**  
**Grain**

*Veerkrachtigheid  
deur innovasie*

*Resilience through  
innovation*

# Geldsake & finansiële dienste

# Money matters & financial services

**ADVERTEERDERS ADVERTISERS**

Absa, AgriSeke, Alpha Insure, John Deere Financial,  
Santam Agri

# EEN DNS, BAIE VOETSPORE

**Didi Potgieter**, inhoudsbestuurder, Senwes

In 1953 het wetenskaplikes vir die eerste keer die struktuur van menslike DNS ontrafel – daardie merkwaardige kode wat die kern van elke individu se uniekheid vorm. DNS is meer as net 'n wetenskaplike konsep; dit is die bloudruk van identiteit, die fondament waarop alles gebou word.

Maar in landbou is DNS nie net iets wat binne 'n mens lê nie. Dit leef ook in hoe ons werk, hoe ons dink en hoe ons besluite neem.

Dit is juis hier waar Senwes en sy produsente mekaar vind. Ons deel dieselfde DNS. Met die Los Nuwe Spore-veldtog wat in 2025 begin is, het ons nie net na onself gekyk nie, maar na hierdie gedeelde identiteit: Wat maak óns wie ons is – en watter spore trap ons saam vorentoe?

Wanneer 'n mens na hierdie gedeelde DNS kyk, staan een waarheid uit: 'n diepgewortelde liefde vir landbou. Dit is die draad wat alles verbind – van die produsent in die land tot die span by Senwes. Dit is die fondament waarop besluite geneem word, verhoudings gebou word en vertroue oor tyd groei.

Net soos produsente elke dag hul spore in die grond trap, so trap Senwes sy spore saam met hulle – nie voor nie, nie agter nie, maar langs hulle. Hierdie DNS word sigbaar in die verskillende "spore" wat saam die Senwes-ekosistiem vorm.

By Senwes Grainlink gaan dit daarvoor om saam met produsente waarde uit elke oes te ontsluit. Dit is waar kundigheid en insig help om onseker markte te navigeer en risiko's beter te bestuur – besluite wat 'n werklike impak het op volhoubaarheid en groei.

